


Die Troon van Brittanje

Sy Bybelse Oorsprong en Toekoms



Hierdie publikasie mag nie verkoop word nie.

Dit is 'n gratis opvoedkundige diens, in die openbare belang, wat deur die United Church of God, *an International Association* gepubliseer word.

Die Troon van Brittanje

Sy Bybelse Oorsprong en Toekoms

© 2021 United Church of God, South Africa

© 2003 United Church of God, *an International Association*

Oorspronklike titel - *The Throne of Britain: Its Biblical Origin and Future*

Deur Tom Robinson

Alle regte voorbehou.

Die Skrifgedeeltes in hierdie uitgawe is geneem
uit die Bybel 1933/1953 vertaling, tensy anders vermeld.

Die grootste en mees blywende dinastie in wêreldgeskiedenis toon tekens dat dit mag verdwyn. Maar sal dit? Om die toekoms van die Britse koninklike familie te verstaan, moet ons ondersoek hoe die monargie begin het—en waarom.

Inleiding

Die jaar 2002 was die 50ste jaar van Koningin Elizabeth II se heerskappy—haar Goue Jubileum—’n mylpaal wat deur slegs vyf vorige Britse vorste behaal is. Ongelukkig was die feesvieringe gedemp deur die dood van die koningin se suster, prinses Margaret, en kort daarna gevolg deur die dood van die koningin se moeder, wat ook Elizabeth genoem was.

Die koninklike familie het beslis die afgelope paar jaar sy deel van tragedie beleef. Owerspel, egskeiding, skandaal, ernstige gesondheidsprobleme, en natuurlik, wie kan die “Engelse roos,” prinses Diana, se afskeid vergeet? Daarbenewens moes die Huis van Windsor ook vrae rakende die rol en wettigheid van die monargie self in die gesig staar.

Terwyl die Verenigde Koninkryk worstel met kwessies van nasionale soewereiniteit en die behoud van sy kultuur en nasionale tradisies in die lig van oproepe vir groter deelname aan die Europese Unie, is die troon van Brittanje die onderwerp van voortgesette debat.

Een van die land se voorste tydskrifte, *The Economist*, het selfs gevra vir die afskaffing van die monargie, en noem dit ’n instelling van “ongegronde eerbied” (22 Oktober 1994, bl. 15). Is dit tog regtig ongegrond? Ons sal die antwoord op die vraag leer soos ons die saak verder ondersoek—en dit van ’n taamlik verrassende bron.

“Hierdie koninklike eiland”

The Economist het wel toegegee dat as die Britse volk ’n monargie wil hê, moet hulle ’n monargie hê” (bl. 15). En ten spyte van die probleme wil die meeste in die Verenigde Koninkryk nog steeds ’n monargie hê. Baie dink met trots en nostalgie oor “hierdie troon van konings, hierdie koninklike eiland, hierdie aarde van majesteit” (Shakespeare, *Richard II*, 2de Bedryf, Toneel 1)—en onthou name soos Koningin Victoria, Koning James, Henry VIII, Robert die Bruce, Richard Leeuehart, William die Oorwinnaar en Koning Arthur. Vir sommige strek hierdie nadenke oor die monargie nog verder terug in die newels van tyd, tot by die tradisionele stigter, Brutus, na bewering van die koningshuis Troje—die beroemde stad van Homerus se klassieke epies, *The Iliad*.

Omstreeks 1139 nC het die Engelse kroniekskrywer Geoffrey van Monmouth die verhaal van Brutus (Kelties Brwt) uit vroeëre bronne in sy *History of the Kings of Britain* met groot verbeelding oorvertel. Alhoewel dit deur die meeste historici vandag as ’n mite beskou word, let op die ongelooflike toekoms wat voorspel was vir die nageslag van hierdie ou Trojaan in ’n droom: “Brutus, verby die sonsondergang, verby die koninkryke van Gallië [nou Frankryk], lê daar ’n eiland in die see, wat eens deur

reuse beset was. Nou is dit leeg en gereed vir jou volk. Deur die jare sal dit 'n woning wees wat geskik sal wees vir jou en vir jou mense; en vir jou nageslag sal dit 'n tweede Troje wees. 'n Ras van konings sal daar van jou afstammelings gebore word en die ronde sirkel van die hele aarde sal aan hulle onderworpe wees” (vertaal deur Lewis Thorpe, 1966).

Opvallend is dat Geoffrey hierdie woorde geskryf het voordat Brittanje selfs 'n wêreldmoondheid was. Miskien was dit net 'n geval van wensdenkery van sy kant—tog lyk die woorde nogal profeties, want in die 1800's het Koningin Victoria, genoem die Keiserin van Indië, geheers oor die grootste ryk in die geskiedenis van die wêreld, wat “'n kwart van die landmassa van die aarde en 'n derde van die bevolking” ingesluit het (James Morris, *Heaven's Command: An Imperial Progress*, 1973, bl. 539).

Dit lyk egter vandag asof, ondanks veelvuldige nasies wat nog steeds Koningin Elizabeth as hulle staatshoof beskou, die glorie dae van die Britse troon verby is, veral met al hoe meer oproepe wat gehoor word vir die afskaffing daarvan. Maar wat lê regtig voor vir die monargie? Vir die antwoord moet ons byna 4,000 jaar terugkyk—tot 'n verlede wat selfs verbasender is as die verslag van Brutus, en gevul met baie meer sekere profesieë. Want so verstommend soos dit mag lyk word die verlede en die toekoms van die Britse monargie binne die bladsye van die Heilige Bybel gevind.

Die septerbelofte

Ons verhaal begin met die regverdige aartsvader Abraham, wat omstreeks 1900 vC, vanaf Mesopotamië tot by Kanaän, wat nou die land Israel is, getrek het. As beloning vir sy getroue gehoorsaamheid aan God, het die Almagtige fantastiese nasionale seëninge vir sy nageslag belowe en ook dat deur 'n spesifieke afstamming van hom die hele wêreld geseën sou word (Genesis 12:1-3; 22:16-18). God het verder belowe dat *konings* van hom en sy vrou Sara sou kom (17:6, 16).

Dit word algemeen verstaan dat 'n reeks konings uit hulle sou kom, wat die hoogtepunt sou bereik met die Messias—Jesus Christus—wat redding vir die hele wêreld sou bring. Hierdie belofte, beide van etniese afkoms en van genade, is aan Abraham se seun Isak bevestig (Genesis 26:3-5).

Later, omstreeks 1750 vC, het God in wese dieselfde belofte aan Isak se seun Jakob, beloof (Genesis 28:10-19). 'n Paar dekades daarna het God hom meegedeel: “'n Nasie, ja, 'n menigte van nasies, sal van jou afstam, en konings sal uit jou lendene voortkom” (35:11). Teen hierdie tyd was Jakob herdoop as Israel en het 12 seuns gehad—elkeen sou die stamvader van een van die twaalf stamme van Israel word. Deur sy seun Josef—en Josef se twee seuns Efraim en Manasse—sou die geboorteregbelofte van nasio-

nale grootheid voortgesit word (Genesis 48; 49:22-26).

Ons sien dit ook in 1 Kronieke 5:1-2: “En die seuns van Ruben, die eersgeborene van Israel—want hy was die eersgeborene; maar omdat hy die bed van sy vader ontheilig het, is sy eersgeboortereg aan die seuns van Josef, die seun van Israel, gegee, maar hy [Ruben] moes nie in die geslagsregister volgens die eersgeboortereg aangegee word nie; want Juda was sterk onder sy broers, en uit hom het een 'n vors [“die regeerder vir die nasies,” *Nuwe Lewende Vertaling*] geword, maar die eersgeboortereg het Josef gehad.”

Dus, terwyl Josef die eersgeboortereg ontvang het, het Jakob se seun Juda, die vader van die Jode, die belofte van die koninklike lyn wat na die Messias lei, gekry. Net voordat Jakob ongeveer 1670 vC dood is, het hy geprofeteer: “Juda is 'n jong leeu ... Die septer [heerser se staf] sal van Juda nie wyk nie, nòg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom [*Shiloh* beteken “Vredeliewende Een,” “Vredemaker” of “Die Een aan wie dit (die Septer) behoort”—dus 'n verwysing na die Messias]; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees” (Genesis 49:9-10). Dit is waarskynlik weens hierdie profesie van die leeu, die “koning van die diere,” dat die leeu die wapenembleem van Juda geword het.

Ongeveer 30 jaar voordat hierdie profesie gegee is, omstreeks 1700 vC, het 'n vreemde gebeurtenis plaasgevind in die familie van Juda toe Tamar vir hom tweelingseuns gebaar het. Tydens die geboorte het 'n hand van een van die tweelingseuns eerste uitgekome, en die vroedvrou het 'n skarlakenrooi draad daar om vasgemaak om die eersgeborene te identifiseer—wat gewoonlik voorrang gehad het as dit by die erfreg kom (Genesis 38:27-28). Maar die baba het sy hand teruggetrek en sy broer het eerste uitgekome.

Die vroedvrou het uitgeroep: “Hoe kragtig het *hy* deurbreek!” (vers 29). Die kind het die naam Peres gehad, wat “deurbreek” beteken. Daarna is die baba met die skarlakenrooi draadjie aan sy hand gebore—en hy is Serag genoem, wat beteken “die rooi” of “helder van dagbreek,” miskien omdat sy hand eerste verskyn het (vers 30).

Dit lyk beslis na 'n vreemde voorval wat in die Bybel opgeteken is as dit geen verdere betekenis sou gehad het nie. Die implikasie is miskien dat Peres, wat homself in die eersgeborene posisie ingeforseer het, uiteindelik met Serag versoen moes word. Ons sal later sien dat dit blyk om eintlik te gebeur het.

Hoe dit ook al sy, aangesien Peres die eersgeborene was, het die erfreg na hom gegaan—alhoewel dit gelyk het asof Serag, met die skarlakenrooi draad, hierop aanspraak gehad het. So watter een het die septer gekry? Nie een nie—nie persoonlik nie. Inderdaad, Juda self het dit ook nie ontvang nie. Dit was eers veel later in die tyd van Moses en die Eksodus—omstreeks 1445 vC—dat Israel 'n ware nasie met 'n regerende koning geword het. Maar selfs toe was daardie koning nie van die stam van Juda nie.

Die troon van die Here

Die koning ten tye van die Eksodus en vir die volgende byna 400 jaar was die Rots van Israel, die Ewige God self—trouens die Woord, Jesus Christus, voor Hy vlees geword het, (vergelyk Deuteronomium 32:4; 1 Korintiërs 10:4; Johannes 1:1-3, 14; 17:5; en om meer te leer, vra vir ons gratis boekie *Who is God?*).

Alhoewel God deur Sy uitverkore “regters”—vanaf Moses en Josua tot by Samuel—geregeer het, het God in die persoon van Christus op die troon van Israel gesit (vergelyk Rigters 8:22-23). Samuel het hierdie tydperk beskryf as die tyd toe “die HERE julle God tog jul koning is” (1 Samuel 12:12). Daarom, toe die Israeliete omstreeks 1050 vC vir Samuel gesê het dat hulle ’n mensekoning wou hê soos die nasies rondom hulle, het die Here vir hom gesê: “want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie” (8:7).

God het toe vir hulle ’n fisiese koning gegee—hoewel verbasend nie van die stam van Juda nie. Koning Saul was uit die stam van Benjamin.

Dit is interessant om daarop te let dat die koning van Israel, in teenstelling met ander antieke heersers, nie ’n absolute despoot was nie. God het dat Samuel vir Saul as “vors” (9:16; 10:1) of ’n “leier” (*Nuwe Lewende Vertaling*) oor Sy volk gesalf het. Die Hebreuse term *nagiyd* wat hier gebruik word, kan in Afrikaans weergegee word as onderkoning of goewerneur-generaal—wat vir die *regte* monarg kan instaan. Trouens, die daad van die salwing van ’n heerser in die antieke wêreld het ’n vassale verhouding geimpliseer. Later word verduidelik dat Israel se koning “op die troon van die HERE gaan sit,” en het in wese as koning vir Hom regeer (1 Kronieke 29:23; 2 Kronieke 9:6-8).

Ook heel anders as in ander lande was die feit dat konings in ander lande die wet gemaak het en dus bo dit verhewe was. Maar in Israel het God se profeet “die reg van die koningskap” verduidelik (1 Samuel 10:25). Die heerser was *onderworpe* aan die wet (vergelyk Deuteronomium 17:14-20). In wese het die Almagtige ’n grondwetlike beperkte monargie ingestel—waarin Hy profete as Sy verteenwoordigers na die koning sou stuur om vir hom sy “verslagkaart” te gee. Dit is tragies dat Saul misluk het en God het hom uit sy amp verwyder deur sy dood te bewerkstellig.

Toe, ongeveer 1010 vC, *meer as 650 jaar nadat* die septerprofesie aan Juda gegee is, het God uiteindelik ’n man uit daardie stam, uit die prominente tak van Peres, opgerig om koning te word: “Ek het Dawid ... ’n man na my hart, wat al my welbehag sal doen” (Handelinge 13:22).

Die Dawidiese verbond

Hoewel hy foute gemaak het, was Dawid ’n diep bekeerde man wat God

met sy hele hart gevolg het. Daarom het God vir hom gesê dat Hy vir hom ’n “huis” sou stig (2 Samuel 7:11)—dit wil sê ’n koninklike dinastie. Dit sou ’n voortdurende dinastie deur sy seun Salomo wees: “Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid” (vers 13). As Salomo aan God ongehoorsaam was, sou hy gestraf word (vers 14). “Maar my goedertierenheid sal van hom nie wyk nie, soos Ek dit onttrek het aan Saul wat Ek voor jou aangesig verwyder het. En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid” (vers 15-16; vergelyk 23:1, 5; 1 Kronieke 22:9-10; 28:4-5).

Dit vereis egter verduideliking, veral die stelling oor Salomo se dinastie wat vir ewig sal bestaan. Die Hebreuse woord wat hier as “ewig” vertaal word, *olam*, het nie altyd hierdie betekenis nie. Soms beteken dit onop-houdelik, solank sekere voorwaardes geld (vergelyk Eksodus 21:6; Jona 2:6). Soos elders aangeteken, was daar definitiewe voorwaardes verbonde vir Salomo se troon om te bly bestaan. Let op 1 Kronieke 28: “En Ek sal sy koningskap bevestig tot in ewigheid *as hy getrou my gebooië en my verordeninge onderhou*, soos vandag” (vers 7). Later het God hierdie voorwaarde aan Salomo self herhaal (2 Kronieke 7:17-18; vergelyk verse 19-22).

As hy dus in ongehoorsaamheid tot God geleef het, sou die belofte van ’n ewige Salomo dinastie, nietig verklaar word. Ongelukkig het dit gebeur, aangesien Salomo se hart uiteindelik na ander gode gedraai het (sien 1 Konings 11:4).

Wat dan van 2 Samuel 7:14-15, waar God gesê het dat hy nie Sy barmhartigheid van Salomo sou verwyder soos Hy met Saul gedoen het nie? Dit moes eenvoudig beteken het dat, as Salomo ongehoorsaam sou wees, God nie deur sy dood sy heerskappy sou eindig nie, soos met Saul gebeur het. In plaas daarvan sou Salomo toegelaat word om sy dae uit te leef in sy koninkryk ter wille van Dawid—en dit is inderdaad wat gebeur het (vergelyk 1 Konings 11:12). Nietemin het Salomo die voorwaardes wat hom ’n ewige dinastie sou verseker oortree. Terwyl niks sy nageslag verbied het om tot in die toekoms te regeer nie, was God nie verplig om hul voortsetting op die troon te verseker nie.

God se belofte aan Dawid in 2 Samuel 7:15-16—dat Dawid se eie koninkryk en troon vir ewig gevestig sou wees—is nog steeds geldig. God het Homself tot hierdie optrede verplig, ongeag wat Salomo gedoen het. Let op Sy bevestiging van hierdie geweldige belofte in die Psalms: “Ek het ’n verbond gesluit met my uitverkorene, met ’n eed aan Dawid, my kneg, belowe: Tot in ewigheid sal Ek jou nageslag bevestig en jou troon opbou *vanaf geslag tot geslag*” (89:4-5). Dawid sou dus van toe af ’n afstammeling hê in elke geslag wat op ’n voortdurende troon sou sit!

God het verder verklaar: “Ja, Ek sal hom ’n eersgeborene maak, die hoogste onder die konings van die aarde. Vir ewig sal Ek my goedertierenheid vir hom bewaar, en my verbond bly vir hom vas. En Ek sal sy nageslag vir ewig laat duur en sy troon soos die dae van die hemel ... Ek sal

my verbond nie onheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie. Een maal het Ek gesweer by my heiligheid: Waarlik, Ek sal vir Dawid nie lieg nie! Sy nageslag sal vir ewig wees en sy troon soos die son voor My. Soos die maan sal hy vir ewig vasstaan, en die getuie in die hemel is getrou” (verse 28-30, 35-38).

En in Jeremia 33:20-21: “So spreek die HERE: As julle my verbond met die dag en my verbond met die nag kan verbreek, dat daar geen dag of nag op hulle tyd is nie, dan sal ook my verbond met Dawid, my kneg, verbreek kan word, dat daar vir hom geen seun [dit wil sê, ’n afstammeling] sal wees wat regeer op sy troon nie.”

Hier was dan ’n onbreekbare belofte van ’n onbreekbare dinastie—’n dinastie wat bo alle ander voortreflik sou wees! Maar wat het van daardie dinastie geword? En waar is dit vandag?

Die val van Israel en Juda

Vanweë Salomo se ongehoorsaamheid het God die volk in twee koninkryke verdeel na sy dood, ongeveer 930 vC (1 Konings 11-12). Die stamme van Juda en Benjamin in die suide (met baie van Levi)—as die koninkryk van Juda—het onder die troon van Dawid voortgegaan, wat begin het met Salomo se seun Rehábeam.

Die noordelike tien stamme het egter—as die koninkryk van Israel—deur ’n aantal verskillende dinastieë gegaan. As gevolg van die voortdurende afgodediens van die noordelike koninkryk, het God uiteindelik Sy volk in ballingskap laat neem deur die Assiriërs, omstreeks 733 en 722 vC, wat die tien stamme hervestig het in die noorde van Irak en Iran (2 Konings 15, 17). Soos die eeue verbygegaan het, het die tien stamme blykbaar verlore gegaan.

Ongeveer twintig jaar na Israel se finale val, is die volk Juda, ná herhaalde siklusse van afgodediens en hervorming, ook deur Assirië binnegeval wat Juda “tot ’n skaduwee van sy vorige self gereduseer het, en ten minste twee derdes van die bevolking het vergaan of is gevange geneem en weggeneem” (“Judah,” *The Illustrated Bible Dictionary*, 1980, Volume 2, bl. 825). Dus is ’n groot aantal Jode, Benjaminiete en Leviete ook weggevoer om by die Israeliete in ballingskap aan te sluit.

God het die oorblywendes van Juda nog ’n eeu gegee om hulle lojaliteit en toewyding aan Hom te bewys. Ongelukkig, ondanks die feit dat Juda Israel se ballingskap aanskou het en sy eie bitter smaak daarvan ervaar het, het Juda weer in afgodiese rebelsheid verval (sien Jeremia 3:10-11). Daarom het God die res van die land Juda ook in ballingskap gestuur—hierdie keer deur die hande van die Babiloniërs onder Nebukadnesar II (ongeveer 604 tot 586 vC).

Die Dawidiese lyn het tot op hierdie punt voortgeduur, met Sedekía wat nou oor Juda regeer het. Maar volgens Jeremia het die Babiloniese magte die Joodse koning na Nebukadnesar geneem, wat—nadat hy Sedekía se seuns voor sy oë doodgemaak het en “al die edeles van Juda geslag” het om te verseker dat geen troonopvolger oorbly nie—Sedekía se oë uitgesteek en het hom in ’n kerker in Babilon gegooi, waar hy uiteindelik gesterf het (39:1-7; 52:1-11).

Daar was, moet opgemerk word, ’n voormalige koning van die Salomoniese lyn wat nog lewend in die kerkers van Babilon geleef het. In werklikheid is hierdie man, Jójagin—ook genoem Jójagin of Gonja—na 37 jaar in Joodse ballingskap, tot eer herstel (2 Konings 25:27-30). Hy het selfs die titel “koning” ontvang saam met talle ander gevange vassale heersers. Toe die Persiese oorwinnaars van Babilon later toegelaat het dat ’n kontingent van die Jode na hul vaderland kon terugkeer, was Jójagin se kleinseun Serubbabel *goewerneur*—maar nie *koning* nie—van Judea gemaak.

Om enige idee uit die weg te ruim dat hierdie lyn die middel sou wees waardeur God die Dawidiese dinastie bewaar het, moet daarop gewys word dat God vroeër besluit het dat geen afstammeling van Jójagin ooit op die troon van Dawid sou sit en oor Juda sou regeer nie (Jeremia 22:24, 30). En niemand het dit ooit gedoen nie. Terwyl ’n minderheid van die Joodse gevangenes na die Babiloniese ballingskap na die Heilige Land teruggekeer het, is die Joodse troon nooit weer daar gevestig nie.

Wat dan van God se beloftes dat Dawid se dinastie nooit sou eindig nie?

Die koms van die Messias

Behalwe die messiaanse verwysing in die septerprofesie (Genesis 49:10), het God baie ander profesieë oor die Messias in die Skrif gegee. Hy sou van die geslag van Dawid wees en op Dawid se troon regeer (sien Jesaja 9:5-6). Jesus Christus, as die Messias, sou hierdie profesieë vervul, want Jesus het—deur sy moeder Maria—afgestam van Dawid se seun Natan (Romeine 1:3; Lukas 3:23, 30-33, Heli, die vader van Maria en skoonpa van haar man Joseph, was van daardie stamboom).

Maria se man, Josef, was self van die Salomoniese geslagslyn van Jegónia, en Jesus is as sy seun gereken, wat beteken dat Jesus deur hom aangeneem is (Matteus 1:1-16; vergelyk Lukas 2:48). Hierdie aanneming sou Jesus moontlik wettige aanspraak op die troon kon gee. Nogtans opmerklik, as Hy die *einlike* seun van Josef was, sou die afkoms van Jegónia hom belet het om die troon van Dawid te erf. Maar Jesus was nie die seun van Josef nie—Hy was die Seun van God die Vader deur die wonderbaarlike bevrugting in die baarmoeder van Maria toe sy nog ’n verloofde maagd was. En deur Maria stam Jesus af van Dawid, soos genoem, deur ’n ander geslagslyn.

Verder is Christus, “die Leeu wat uit die stam van Juda is” (Openbaring 5:5), beide “die wortel en die geslag van Dawid” (22:16). Behalwe dat hy die afstammeling van Dawid was, was Jesus ook die voorvader van Dawid, as die Ewige God wat Adam geskape het—die vader van die hele mensdom (Lukas 3:38; vergelyk Efesiërs 3:9). Boonop was Jesus voor Hy vlees geword het, Israel se eerste Koning. Die Dawidiese troon was eintlik, soos ons gesien het, die troon van die *Here*. En aangesien Jesus die Here is, het die troon Syne gebly om terug te neem.

Baie sal hierdie feite prys as ’n bewys dat God se beloftes aan Dawid vervul is in die koms van Christus as die nageslag van Dawid. Maar as dit so is, verklaar dit nog steeds nie waarom daar vir meer as 500 jaar geen regerende koning van Dawid se lyn tussen Sedekía en Jesus was nie. Die troon van Dawid was veronderstel om “vanaf geslag tot geslag” beset te wees. En tog wil dit voorkom asof daar nie eers ’n Dawidiese troon of koningskap bestaan het vir al die tyd nie. Hoe het Christus ’n troon geërf wat nie bestaan het nie?

In der waarheid het Jesus nie op die troon van Dawid gesit toe Hy in die vlees gekom het nie—en sedertdien het Hy dit nog nooit gedoen nie. In ’n gelykenis beeld Christus Homself uit as ’n edelman wat “na ’n ver land gereis [het] om vir homself ’n koningskap te ontvang en dan terug te kom” (Lukas 19:12)—dit wil sê: Hy het hemel toe gegaan om die Koninkryk van God te ontvang en het nog nie teruggekeer om daarvoor te regeer nie. Jesus sit tans saam met die Vader op Sy troon in die hemel (Openbaring 3:21; Hebreërs 12:2). Maar aangesien Christus se heerskappy oor alle nasies vanaf Jerusalem (sien Jeremia 3:17) nog nie begin het nie, beteken dit dat daar meer as 2,500 jaar verloop het sonder dat ’n afstammeling van Dawid as koning regeer het? Het God tog Sy woord verbreek?

Een belangrike faktor van die septerprofesie in Genesis 49:10 wat dikwels oor die hoof gesien word, is dat dit toon dat Juda “aan die einde van die dae” (vers 1) steeds ’n regerende monarg sal hê wat sal wag dat die Messias oorneem. Aangesien Jesus nog nie in mag en glorie teruggekeer het nie, moet daar gedurende hierdie geslag ’n koning van Joodse afkoms wees wat êrens op die aarde heers. Daardie monarg moet uit die geslag van Dawid wees en ’n troon beset wat deur *al die geslachte sedert* Dawid voortduur, andersins is die Bybel onbetroubaar.

Om te bou en te plant

Die voor die hand liggende vraag is nou: het die Dawidiese dinastie tot ’n einde gekom met die dood van Sedekía en sy seuns—of het dit op een of ander manier oorleef? As ons na ’n antwoord soek, begin ons met die profeet Jeremia aan wie God ’n geheimsinnige opdrag gegee het: “Kyk, Ek

stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant” (Jeremia 1:10). Let op dat, alhoewel Juda in hierdie tyd die enigste nasie of koninkryk in die Beloofde Land was, Jeremia, vreemd genoeg, oor “nasies” en “koninkryke”—meervoud, aangestel was.

Sit hierdie feit vir eers opsy. Gebaseer op Jeremia se lewe nadat die profesie gegee is, is dit maklik om vas te stel wat God bedoel het deur uit te ruk, om te gooi, te vernietig en te verwoes. Hierdie groot profeet het die Jode herhaaldelik gewaarsku om berou te toon oor hulle ongehoorsaamheid—maar hulle het hom bespot. Daarom het God hom gebruik om oordeel oor die nasie uit te spreek: die volk en die konings van Dawid se geslag sou in die Babiloniese verowering omvergegooi en ontwortel word—na Babilon geneem word. Maar het almal daarheen gegaan?

Die laaste deel van die opdrag van die profeet het nog oorgebly: “om te bou en te plant.” Maar wat het dit behels? Uit Jeremia 45:4 kan ons sien dat die bou en plant in hierdie konteks oorspronklik behels het dat God Sy volk in die land geplant het en ’n koninkryk van hulle daar gebou het—om nou weer uitgetrek en vernietig te word. Dit wil dus voorkom asof die kommissie behels het om mense op ’n ander plek te plant en ’n koninkryk elders te vestig. Maar het dit enigets met die huis van Dawid te doen?

Interessant genoeg het Jeremia wel geprofeteer oor Dawid se dinastie, soos ons reeds gesien het en binnekort meer van sal sien. En ’n profesie van Esegïël sal die vraag beantwoord van wie geplant sou word—en waar. Let egter eers op hierdie verstommende feit: nadat Juda se volk weggevoer was, was daar ’n oorblyfsel wat in die land agtergebly en wat die “dogters van die koning” (41:10) ingesluit het—wat klaarblyklik jong meisies was, aangesien Sedekía net 32 was toe hy gesterf het (vergeelyk 2 Kronieke 36:11).

Maar kon die koninklike lyn deur ’n dogter voortgaan? Volgens Israel se erfeniswet blyk die antwoord beslis ja, te wees (vergeelyk Numeri 27:1-11)—hoewel Nebukadnesar dit miskien nie aanvanklik besef het nie. (Trouens, as koningskap nie deur ’n vrou kon gaan nie, dan kon dit nie deur Maria na Jesus Christus gegaan het nie.)

Wat het dan met die wat oorgebly het gebeur? Hulle het teen die opdragte van God (Jeremia 42:1-19) van hulle Babiloniese indringers na Egipte gevlug om die beskerming van Faraó Hofra te soek. *The Encyclopaedia Britannica* verduidelik: “Apries ... Hebreus Hofra (d. 567 vC), die vierde koning (het regeer vanaf 589-570 vC) van die 26ste dinastie van Egipte; het sy vader Psamitik II opgevolg. Apries het versuim om sy bondgenoot koning Sedekía van Juda teen Babilonië te help, maar na die val van Jerusalem het hy baie Joodse vlugtelinge in Egipte ontvang” (“Apries,” *Micropaedia*, 1985, Volume 1, bl. 496).

Volgens die Bybel het die Joodse oorblywendes saam met hulle “manne en die vroue en die kinders en die dogters van die koning en ... ook die

profet Jeremia en Barug”— die laaste naam verwys na Jeremia se sekretaris of skrifgeleerde (Jeremia 43:6), geneem. Die meerderheid hiervan sou volgens God deur swaard of hongersnood sterf (42:15-16). Maar ’n paar sou ontsnap en sommige sou terugkeer (44:12-14, 28). Ons weet dat Barug en Jeremia, wat nie uit eie keuse na Egipte gegaan het nie, oorleef het (vergelyk 45:2-5). En soos ons sal sien, het ten minste een van die dogters van die koning ook oorleef.

Asiel in Egipte

Die Joodse oorblywendes het na Egipte “tot by Tagpánhes” (43:7) gereis —na “Faraos paleis” (vers 9). Let op wat die beroemde Britse pionier-argeoloog en Egiptoloog Flinders Petrie, wat die terrein in 1886 ontdek het, gesê het: “Tagpánhes was ’n belangrike garnisoen, en aangesien die Jode daarheen gevlug het, moes dit naby die grens gewees het. Dit is dus duidelik dat dit die Griekse Daphnae was, die moderne Tell Defneh, wat op die pad na Palestina is ...

“Hiervan,” gaan hy voort, “kom ’n eggo oor die lang eeue; die vestingheuwel staan bekend as Qasr Bint el Yehudi, die paleis van die Joodse dogter. Dit word Qasr genoem, ’n paleis, en nie Qala, ’n vesting, nie. Dit het nie die naam *Tell* Bint el Yehudi nie, soos dit genoem sou word as dit ’n puinhoop was. Qasr is ’n naam wat sy afkoms toon vanaf die tyd ... deur die adelikes bewoon en nie net vir troepe nie. Deur die lang eeue van die Grieke, Romeine en Arabiere kom die herinnering van die koninklike woning vir die koning se dogters wat van die verwoestende Jerusalem gekom het” (*Egypt and Israel*, 1911, bl. 85-86; sien ook “Daphne,” *Encyclopaedia Britannica*, 14de uitgawe, Volume 7, bl. 48).

Tog was daar beslis ook baie troepe. Petrie sê: “Psamitik [Faraos Psammetichus I, stigter van Egipte se 26ste dinastie waarvan Hophra die vierde koning was], het die grense van Egipte met drie sterk garnisoene bewaak en die Ioniese en Kariëse huursoldate veral by die Pelusiese Daphnae geplaas ... in die noordooste, waarvandaan die gedugste vyande waarskynlik sou verskyn” (bl. 40).

Hierdie was Griekse magte hoofsaaklik van die weskus van Klein-Asië (die moderne Turkye). “Ionian” en “Karien” het hoofsaaklik die Griekse stad Milete daar aangedui: “Binne Egipte self, wat gewoonlik vyandigesind teenoor enige buitelandse nedersetting was, het die Grieke ’n vas-trapplek gekry ... Ongeveer 650 [vC] het die Milesiërs [van Milete] ’n ‘fabriek,’ of handelspos, by Naucratis aan die Canopus-tak van die Nyl geopen. Faraos Psamitik I het hulle verdra omdat hulle goeie huursoldate gemaak het, terwyl hulle handel goeie buit vir sy versamelaars van doane-inkomste gelewer het” (Will Durant, *The Story of Civilization*, Volume 2:

The Life of Greece, 1966, bl. 173).

Milete sal ’n groot bydrae lewer om hierdie hele onderwerp voort te sit tot die einde toe. Dit is vir nou voldoende om te sê dat baie van hierdie “Griekse” magte in Egipte nie so onverwant was aan die Jode wat by hulle geskuil het nie. Daar was duidelik ’n verwantskap wat teruggegaan het. Die antieke Grieke het hulself dikwels Danaërs genoem—’n naam wat blykbaar afgelei is van die Israelitiese stam, Dan.

Inderdaad, ’n aantal van die Griekse huursoldate wat in die Egiptiese diens gebruik was, was waarskynlik Israeliete wie se voorouers hulle vroeër in Griekeland en omliggende lande gevestig het. En hier was hulle—bewaakers van die oorblyfsel van die koninklike familie van Dawid in opdrag van die Egiptiese farao!

Tog sou hierdie reëling nie duur nie. “Die Grieke het ’n prominente rol gespeel tydens die regeringstydperk van Psammetichus II en Apries (die Faraos Hofra van Jeremia). Onder laasgenoemde het ’n nasionale beweging onder die Egiptenare egter tot ’n opstand gelei [ca. 570 vC] teen die [Egiptiese] koning en die Griekse element, met die gevolg dat die troon oorgedra is aan die generaal Amasis (Ahmosis II), wat die Grieke aan Daphnai onttrek het” (*Chamber’s Encyclopedia*, 1959, Volume 5)—Blykbaar was baie van hulle wat lojaal aan Hofra beskou was, verdryf.

Die feit dat Ahmose die oorblywende Griekse huursoldate tot naby sy hoofstad beperk het en baie van hulle deel gemaak het van ’n koninklike wag, het bygedra tot die behoefte vir verdrywing want “’n element binne die Egiptiese kultuur ... het dit weerstaan; en die aanwesigheid van buitelanders in Egipte, beide invallers en nedersetters, het gelei tot die opkoms van nasionalisme” wat die buitelanders uit wou hê (“Egypt,” *Encyclopaedia Britannica, Macropaedia*, Volume 18, 1985, bl. 165; “Ahmose II,” *Micropaedia*, Volume 1, bl. 168).

Dit was nou ongeveer 16 jaar na die val van Jerusalem, en tot op hierdie stadium het dit blykbaar redelik goed gegaan vir diegene in Egipte wat daarheen gevlug het. Maar God het gewaarsku oor die ramp wat Hofra sou tref (Jeremia 44:30) en Hy het die Joodse oorblywendes in Egipte gewaarsku dat hulle sou omkom (vers 27). Dit is dus duidelik dat hierdie verandering in gebeure van Hom gekom het. Die Egiptenare het baie van die Grieks-Israelitiese huursoldate uit die land verdryf. Die meeste van die Joodse oorblywendes is waarskynlik omstreeks hierdie tyd dood gemaak, indien nie in die opstand nie, dan waarskynlik in Nebukadnesar se inval in Egipte twee jaar later in 568 vC, wat die grootste deel van die Nylvallei verwoes het.

Gebaseer op God se profesieë, het ’n paar klaarblyklik teruggegaan na Juda (vers 28). Maar wat van Jeremia, Barug en die dogters van die koning? Waarheen het hulle gegaan? Die boek Jeremia vertel ons nie, hoewel dit enkele wenke bevat.

Om in Israel geplant te word

Die feit dat Jeremia buite die land was in die geselskap van die koning se dogters, die enigste skynbare opvolgers van die Dawidiese troon, met ’n opdrag “om te bou en te plant”, moet ons laat dink. Dit was nie blote toeval nie—veral nie as ons na die onbreekbare verbond wat God met Dawid gesluit het, kyk nie.

God het selfs gesê dat as die Joodse oorblywendes in Juda sou bly soos Hy vir hulle gesê het, Hy Jeremia sou gebruik om die koninkryk weer te plant en op te bou net waar hulle was (Jeremia 42:10). Maar, soos ons gesien het, het hulle eerder na Egipte gegaan—waar God uitdruklik vir hulle gesê het om nie te gaan nie.

Noudat hulle uit Egipte verdryf is, waar sou Jeremia op hierdie tydstip met die dogters van die koning heen gaan? Hulle was nie veronderstel om te wees waar hulle was nie. En dit is inderdaad heel moontlik dat hulle Egipte reeds voor die dood van Hofra verlaat het. In beide gevalle, waarheen het hulle gereis?

God sou nie meer die koninkryk in *Juda* herbou nie—omdat die volk die bepalings van hierdie aanbod oortree het deur na Egipte te vlug.

Boonop sou Juda of enige *ander* land onder Babiloniese heerskappy ’n hoogs onwaarskynlik keuse wees. As Nebukadnesar nie voorheen van die koning se dogters geweet het nie, het hy dit beslis nou gedoen. Die nuus het ongetwyfeld by hom uitgekom dat hulle deur sy vyand, Faraó Hofra, onder spesiale bewaking en sorg geplaas is. En selfs Jeremia, wat deur die Babiloniese indringers van Jerusalem vroeër guns verleen was, sou nou verkeerdelik as medepligtige van Hofra beskou word.

Verder weet ons dat die troon nie weer in Juda geplant is nie omdat die Bybel vir ons inligting gee oor die Joodse vaderland gedurende die tyd van die ballingskap. Wanneer die gevangenes later uit Babilon terugkeer, is dit duidelik dat daar geen Joodse koning oor iemand daar regeer nie. Alhoewel Jeremia en die koninklike dogters dalk heel moontlik deur Juda gegaan het, het hulle hul nie daar hervestig nie.

Het hulle lewenslank in onbekendheid in ’n grot weggekruip? Of, meer redelik, het hulle hulle êrens gaan vestig, met hul belangrike status wat deur ander erken word? En indien wel, sou die profeet daar sy opdrag kon uitvoer?

Jeremia self gee ons ’n belangrike leidraad. Hy het vroeër geprofeteer dat Dawid van sy tyd af “nie ’n man [dit is, ’n persoon] ontbreek wat sit op die troon van die huis van Israel nie” (Jeremia 33:17). Hierdie vers is van kardinale belang vir die begrip van die hele onderwerp. Lees dit weer. Let op—daar staan nie Juda nie, maar eerder die *huis van Israel*, wat ongeveer 150 jaar tevore in ballingskap geneem was. Vanaf die tyd van Jeremia sou Dawid dus nooit ’n nakomeling ontbreek om oor, nie net Juda nie, maar Israel te regeer. Terloops, diegene wat dit as net ’n profesie van

die toekomstige regering van Christus beskou, moet beseft dat dit praat van “heersers” uit die lyn van Dawid (vers 26)—nie net ’n enkele “Heerser” nie. Wat dit ons vertel, is dat die troon van Dawid op die een of ander manier in Jeremia se tyd, na Israel oorgedra moes word!

God, deur die profeet Esegïel, kontemporêr met Jeremia, gee meer besonderhede. Voor die val van Jerusalem het hy ’n raaisel aan die huis van Israel gestel (Esegïel 17:2)—weereens, nie Juda nie, wat Hy daarna verduidelik het. “Die groot arend ... het na die Libanon gekom en die top van die seder weggeneem” (vers 3). Betekenis: “Die koning van Babel het na Jerusalem gekom en sy koning en sy vorste weggeneem” (vers 12). Dan: “Hy het die boonste van sy jong takkies afgepluk” (vers 4). Betekenis: “Toe het hy een uit die koninklike geslag geneem” (vers 13).

Nadat Hy hierdie simbole verduidelik het, het God deur Esegïel die volgende duidelike gelykenis gegee: “Dan sal Ek self van die verhewe top [Sedekía en die prinse] van die seder [Juda] ’n steggie neem en dit insit—van die boonste van sy lootjies [Sedekía se kinders] sal Ek ’n teer puntjie [’n vrou] afpluk en self dit *plant* op ’n hoë en verhewe berg [’n groot koninkryk]. Op die hoë berg [bo-aan die koninkryk—die troon] van *Israel* [nie Juda nie!] sal Ek dit plant, en dit sal takke voortbring en vrugte dra en ’n heerlike seder word, sodat al die voëls van allerhande vere [allerhande vollke] daaronder kan woon; ... En al die bome van die veld [die nasies van die aarde] sal weet dat Ek, die HERE, die hoë boom [Juda] verneder, die nederige boom [Israel] verhoog het;” (verse 22-24).

Dit is dan waaroor die laaste deel van Jeremia se opdrag gegaan het. Opvallend is dat hy verantwoordelik kon gewees het om die troon van Dawid *na Israel* oor te plant deur ’n dogter van koning Sedekía na die tien verlore stamme te neem. Maar waar het die Israeliete teen hierdie tyd gewoon?

Die Tuatha de Danaër

In ons gratis brosjure, *The United States and Britain in Bible Prophecy*, verduidelik ons hoe ’n eeue lange migrasie van die tien stamme van die gebied van hul Assiriese ballingskap, na Noord-Europa plaas gevind het (maak seker dat u ’n eksemplaar aanvra as u dit nog nie gedoen het nie).

Daar moet egter op gelet word dat daar ’n mate van Israelitiese migrasie was voor die Assiriese ballingskap. Die Daniëte, seevaarders in eie reg en later meer saam met die Fenisiërs, het vër en wyd oor die see gevaar. Soos ons gesien het, het sommige van hulle hul in Griekeland gevestig en as die Danaërs bekend geword.

Interessant genoeg noem alle vroeë geskiedenis van *Ierland* die aankoms daar van mense uit Griekeland wat die Tuatha de Danaër genoem word. Terwyl sommige hulle vandag gelykstel met ou halfgode of mitiese feëttjies, was hulle beslis ’n ware historiese volk. Die woord *tuath* beteken

eenvoudig “stam.” Merk op: Die “Ou-Ierse ‘tuath,’ Wellies ‘tud’ (mense, land), Bretons ‘tud’ (mense) en Galliese ‘teuta’ (stam) kom almal van die gewone Keltiese towta, van die Indo-Europese woord teuta (stam)” (Dennis King, *Focal an Lae: The Word of the Day in Irish*, aanlyn by www.lincolnu.edu/~focal/backinst/focal114.htm). Tuatha de Danaër is dus die stam van Danaër.

The Annals of Ireland berig: “Die Danaërs was ’n hoogs beskaafde volk, baie vaardig in argitektuur en ander kunste uit hul lang verblyf in Griekeland, en hul omgang met die Fenisiërs. Hulle eerste verskyning in Ierland was 1200 vC, oftewel 85 jaar na die groot oorwinning van Debora.” Die Tuatha de Danaër moet dus sinoniem wees met die Danaërs van Griekeland en dus die Israelitiese stam Dan. Dit is glad nie vergesog nie. Dit word inderdaad algemeen aanvaar dat die Fenisiërs handelsposte of kolonies tot by die Britse eilande gevestig het: “Daar word geglo dat die Fenisiërs ’n belangrike rol gespeel het in die verspreiding van die vroeë bronskultuur deur hul handel in metaal wat hul skepe na die oostelike Middellandse See vanaf Groot-Brittanje en Spanje, minstens so vroeg as 1100 vC, gebring het” (“Industries, Extraction and Processing,” *Encyclopaedia Britannica, Macropaedia*, Volume 21, 1985, bl. 424).

Maar wat baie dikwels nie besef nie, is dat die antieke maritieme mag wat as “Fenisië” bekend was, eintlik ’n alliansie was tussen die stadstate Tirus en Sidon en die volk Israel—waarin Israel die senior vennoot was. Die *Universal Jewish Encyclopedia* sê: “In die tyd van Salomo het die Fenisiërs, vergesel deur die Hebreërs, so ver soos Engeland gevaar ... Engeland was dus bekend aan die Israeliete en hulle het moontlik daar ’n heenkome gesoek na die val van hul koninkryk” (Volume 1, bl. 316).

Koning Salomo, word ons in die Skrif vertel, “het Tarsis-skepe op die see gehad by die skepe van Hiram [die Fenisiese koning van Tirus]” (1 Konings 10:22). Tarsis was ’n ou hawe in Suid-Spanje, ook bekend as Tartessus. Dit is blykbaar vernoem na Tarsis, die seun van Javan (Genesis 10:4)—Javan (of Yavan) was die naam vir Griekeland in die Ou Testament. As ’n vroeë Ioniese Griekse nedersetting was dit eintlik ’n Israelities-Fenisiese kolonie.

Lande van Iberië

Die lande Spanje en Portugal, moet genoem word, staan ook bekend as die Iberiese Skiereiland. Let op *Microsoft Encarta*: “Iberië, die antieke naam vir die Iberiese skiereiland en die land wat tussen die Groter Kaukasië en Armenië lê, was ongeveer van gelyke omvang met die huidige Georgië [wat suid van Rusland is]” (“Iberia,” 1994). Die *Encyclopedia of Religions* sê: “Die Iberiërs van die Kaukasus was Georgiërs ... In Sisilië was die Iberiërs in die weste ... Spanje was Iberië ... [En die Romeinse

historikus] Tacitus praat van Iberiërs in die weste van Engeland [in Cornwallis], wat moontlik uit Spanje gekom het” (1964, Volume 2, bl. 259).

Waarom sou Iberië die naam wees van plekke en mense wat so ver van mekaar verwyder is? Dit is waarskynlik omdat die Israeliete—die *Hebreërs*—deur Spanje en die Kaukasus getrek het en ook na Brittanje gegaan het! *Iber* is amper identies met die naam van Abraham se voorvader Eber of Heber, vader van die Hebreërs (Genesis 11:15-16).

Verder blyk dit dat die naam Hebreër ’n bykomende betekenis gekry het. *McClintock & Strong’s Encyclopedia of Biblical, Theological and Ecclesiastical Literature* voeg by dat die woord “een van die ander kant, dit wil sê ... immigrant” beteken het (Volume 4, bl. 128). Bybelvertaler Ferrar Fenton het opgemerk dat in 1 Samuel 4:6 “*Eberim*, as dit vertaal word, ‘Koloniste’ beteken—’n geskikte term wat gebruik was deur die Filistyne vir die Israeliete, wat eintlik Koloniste in Palestina was.” En dit sou ’n geskikte term wees vir Israelitiese koloniste in ander lande om op hulself toe te pas.

Met inagneming van die Hebreuse migrasie deur Spanje, blyk die naam van die rivier daar, die Ebro, van dieselfde oorsprong te wees. En dit geld ook vir Ierland—of ten minste een van sy vroeëre name. Die woord Ierland is afgelei van Eire-land—Eire is die Gaeliese naam van die land. Tradisioneel word Ierland ook Erin genoem. Die Romeine het dit Hibernië of Ivernïë genoem.

Barry Fell, ’n professor van Harvard, het geskryf: “Een van die antieke name van Ierland is *Iberiu*, uitgespreek as *Iveriu*, ’n feit wat daarop dui dat die woord afgelei is van ’n nog vroeëre uitspraak, *Iberiu*. Dit is nou baie interessant, want die Gaeliese geskiedenis beweer dat die voorvaders van die Gaels na Ierland vanaf Iberië, die ou naam vir Spanje, gekom het. Kan *Iberiu* dieselfde wees as *Iberië*, en dat die naam van die ouer tuisland aan die jongere oorgedra is? Baie mense, waaronder sommige taalkundiges, dink dat dit wel die geval kan wees” (*America B.C.: Ancient Settlers in the New World*, 1976, bl. 43). Die verband tussen *Iveriu* en *Hebreus* is nog sterker as ons besef dat die Hebreuse woord vir “Hebreër” eintlik uitgespreek word as *Ivri*.

Daar moet egter op gelet word dat hoewel Iber die waarskynlike oorsprong vir Iberiu en die Romeinse name Hibernië en Ivernïë is, is dit moontlik dat die name Erin en Eire van ’n ander bron afgelei is, soos ons later sal sien. In elk geval is daar steeds ’n sterk identifikasie met die Iberiërs van Spanje.

Laat ons dan die invloed na Ierland van die Iberiese skiereiland oorweeg. Noordwes Spanje word Galasië genoem, blykbaar na die Skotse Gaels. Net so kan Portugal “Poort van die Galiese” beteken.

Thomas Moore, in *The History of Ireland*, sê: “Met die verloop van die tyd is die Tuatha-de-Danaër [in Ierland] self van hul heerskappy onteien; ’n suksesvolle inval van die kus van Spanje het ’n einde aan die Danaërs

dinastie gemaak, en die septer is oorgedra in die hande van die Mileterse of Skotse ras, wat vir 'n reeks opeenvolgende eeue Ierland van haar konings voorsien het. Hierdie gevierde kolonie, hoewel dit direk van Spanje af kom, was oorspronklik, word ons vertel, van die Skitiese ras” (1837, Volume 1, bl. 61).

Dit is merkwaardig, want soos blyk uit ons publikasie *The United States and Britain in Bible Prophecy*, was die Gaels (of Kelte) en die Skitiërs in die algemeen Israëliete—net soos die Danaërs. En blykbaar het die daaropvolgende konflik tussen die Mileters en Danaërs in Ierland redelik vinnig bedaar toe daar besef is dat albei kante verwante volke was.

Wie was die Mileters?

Let op dat die Skitiërs vanuit Spanje as Mileters bekend gestaan het—'n naam wat dwarsdeur die Ierse annale gevind word. Peter Berresford Ellis, een van die voorste Keltiese geleerdes wat nou skryf, sê in sy boek van 2002, *Erin's Blood Royal: The Gaelic Noble Dynasties of Ireland*: “Die inheemse Gaeliese aristokrasie van Ierland is sonder twyfel die oudste in Europa ... Die Ierse koningshuise het geslagsregisters ... om hul afkoms, generasie na generasie, op te spoor van die seuns van Golamh, ook bekend as Milesius of Mile Easpaín (soldaat van Spanje), wat volgens oorlewering Ierland binnegeval het aan die einde van die tweede millennium vC [’n tydsraamwerk wat problematies is, soos ons sal sien]. Hy word beskou as die stamvader van die Gaels” (bl. 3).

Ellis sien dus die naam Milete as afkomstig van ’n stamtaal wat “soldaat” beteken, soos die Latynse *miles*, wat die oorsprong van ons woord militêre, is. Maar soos ons vroeër gesien het, word die term Mileter gewoonlik gebruik om die mense van Milete in Wes-Klein-Asië (nou Wes-Turkye) aan te dui. Ons moet meer na die agtergrond van hierdie belangrike Egeïese stad-staat kyk om te sien of daar ’n verband kan wees.

Volgens die *Encyclopaedia Britannica* het “die Griekse stad sy stigting tot Neleus en sy volgelinge uit Pylos nagespoor” (“Miletus,” 1985, Volume 8, bl. 125). “Die Miceense koninkryk van Pylos is verower deur Neleus, en is daarna deur sy jongste seun, Nestor, regeer” (“Pylos,” *Baedeker Greece*, 1995, bl. 417). Die stad Pylos was aan die suidwestelike kus van Griekeland aan die Ioniese See geleë (“Pylos”, *Encyclopaedia Britannica*, Volume 9, bl. 820). Ioniese Grieke uit hierdie gebied het dwarsdeur die Middellandse See gekoloniseer.

Historikus Will Durant verduidelik in sy bekroonde werk, *The Story of Civilization*: “Daar is niks belangriker in die geskiedenis van die Grieke as hul vinnige verspreiding deur die Middellandse See nie ... Die migrasie het vyf hooflyne gevolg—Eolies, Ionies, Dories, Swart See, Italiaans ... Die tweede lyn [die Ioniese lyn] het sy begin in die Peloponnesos [suide-

like Griekeland] gehad, waarvandaan duisende Miceners en Acheïers [wat Homeros met die Daniete vereenselwig het] gevlug het ...

“Sommige van hulle het hulle in Attika [die kontrei van Athene] gevestig, ander in Eubea [die groot eiland noordoos van Athene]; baie van hulle het uitgetrek na die Ciklade [eilande van die Egeïese See tussen Griekeland en Turkye], het dit oor die Egeïese See gewaag en in Wes-Klein-Asië [Turkye], het hulle die twaalf stede van die Ioniese Dodekapolis [Milete ingesluit], gevestig ... Die vyfde lyn het weswaarts beweeg na wat die Grieke, die Ioniese Eilande noem, vandaar na Italië en Sisilië, en uiteindelik na Gallië [Frankryk] en Spanje ...

“Een vir een het hierdie kolonies vorm aangeneem totdat Griekeland nie meer die smal skiereiland van Homeriese dae was nie, maar ’n eenaardige oppervlakkige vereniging van onafhanklike stede wat vanaf Afrika na Thracië [in die noorde van Griekeland] en van Gibraltar [in die suide van Spanje] tot aan die oostelike einde van die Swart See, versprei was” (Volume 2, bl. 127-129).

Dit mag ons dus nie regtig verbaas dat ons die naam Mileters in antieke Turkye en selfs in Spanje sou vind nie, want hulle was ongetwyfeld verwante mense. Dit word nog meer waarskynlik as ons die omvang van die invloed van Miletus self besef. Durant berig: “Miletus, die suidelikste van die Ioniese Twaalf, was in die sesde eeu [vC] die rykste stad in die Griekse wêreld. Die terrein was vanaf Minoïese dae deur die Kariërs bewoon [meer oor die Kariëse Minoërs later]; en toe die Ioniërs ongeveer 1,000 vC daar vanaf Attika [die streek van Athene] kom, vind hulle die ou Egeïese kultuur [van die nabygeleë antieke Troje] ... wat wag om as die gevorderde beginpunt van hul beskawing te dien ...

“Die Ioniese handelaars het by die Fenesiërs geleer en het geleidelik hulle onderrig verbeter en die Ioniese handelaars het kolonies as handelsposte in Egipte, Italië, die Propontis [die See van Marmora tussen Istanbul en die terrein van antieke Troje], en die Euxine [die Swart See] gevestig. Milete alleen het *tagtig sulke kolonies* gehad, waarvan sestig in die noorde was” (bl. 134-135, beklemtoning bygevoeg).

Die Mileters van Spanje was dus sekerlik van Milete of van sy vele kolonies afkomstig. Maar wie was hierdie mense? Ons het gesien dat hulle uit die Myceense Griekeland, wat sterk Danities was, gekom het. Daar moet egter besef word dat Daniete nie die enigste Israëliete in die suide van Griekeland was nie.

Dit kan getoon word, hoe ongelooflik dit ookal mag klink, dat baie inwoners van Myceense Griekeland—en van antieke Troje—van die stam Juda gekom het, wat blykbaar deur Kreta migreer het. Dit blyk inderdaad dat hierdie Jode regeer is deur konings wat afkomstig was van Juda se seun Serag, van die rooi draad. Twee hoof-koninklike lyne het van hom gekom—die Trojaanse koningshuis, waarvan die meeste Europese konink-

likes verbasend afstam, en die koningshuis van Athene, wat die koninklike lyn van Milete geword het?”

Milesius of Miledh, die vader van Ierland se Miletiese dinastie uit Spanje—ook Golamh of Gathelus genoem—word na verwys as die seun van Nel (ook Niul of Neolus) of die seun van Cecrops, die stigter van Athene in die Griekse mitologie. Dit is in werklikheid ’n positiewe bewys dat die tradisionele geskiedenis van Ierland sy Mileters verbind met dié van die Egeïese. Behalwe vir die vermelding van Cecrops, het ons reeds gesien dat die Mileters van Klein-Asië hul afkoms van Neleus, die heerser van die Myceense Pylos aan die Ioniese See, opgespoor het (wat, soos met ander Myceense heersers, waarskynlik van Joodse afkoms was). Dus was Milesius waarskynlik nie die eintlike naam van die stigter van die Mileterse dinastie in Ierland nie. Intendeel, die naam Milesius of Miledh self, het Mileties (een uit Milete), beteken. Dit het dus waarskynlik nie net “sol-daat” beteken nie.

Net so is die naam Golamh en die variante daarvan nie persoonsname nie. Intendeel, hulle dui eenvoudig die nasionaliteit, van dieselfde oorsprong as Gallië en Gael, aan. Soos uiteengesit in ons boekie *The United States and Britain in Bible Prophecy*, dui hierdie name op swerwende Israeliete—net soos die term Skities. Dit is interessant dat, soos elders in hierdie publikasie opgemerk word, daar gesê word dat Milesius van die koning van Skitië, ene Feinius Farsaidh, afstam. Maar dit mag dalk ook nie ’n werklike persoonlike naam wees nie. “Feinius blyk dieselfde woord te wees as Feni, ’n naam vir Ierland se vroegste Keltiese inwoners” (Ellis, bl. 228). Dit was waarskynlik die Fenisiërs—waarvan baie Israeliete was.

Die hoë konings van Ierland het “beweer dat hulle afstam van die twee seuns van Milesius, Eremon en Eber Fionn, wat die voorvaders van die Kelte in Ierland was en wat Ierland tussen hulle verdeel het—Eremon het in die noorde regeer en Eber Fionn in die suide” (bl. 5). Weereens, hierdie mag dalk nie persoonlike name wees nie. Ons sal ook later kyk na die betekenis van Eremon of Heremon, wat dalk ’n regte naam, of ten minste ’n titel, was. Maar Eber Fionn of Eber Finn kan eenvoudig “Hebreeuse Fenisiër” aandui. Hoe dit ook al sy, die mees waarskynlike gevolgtrekking met betrekking tot die identiteit van die Miletiese indringers van Ierland is dat hulle Israeliete was—tog ook nie net enige Israeliete nie, maar die Zaritiese Joodse koninklikes uit Milete.

Die mense van die Rooi Hand

Die Trojane is uit die Egeïese streek gedwing deur ’n reeks nasionale konflikte—waarvan een aan ons uitgebeeld word in die beroemde Trojaanse oorlog van Homeros se *Ilias*, wat omstreeks 1,200 vC plaasgebind

het. Sommige vlugtelinge het blykbaar via die Swart See noordwaarts na Europa migreer. Ander uit Troje het suidwaarts, na die omgewing van Miletus, migreer (sien Roberta Harris, *The World of the Bible*, 1995, kaart op bl. 63). En dit lyk of ander Trojane weswaarts gereis het—selfs tot in Spanje en Frankryk, en sommige van hulle het uiteindelik na Brittanje migreer. En ons weet dat die Mileters ook later vanaf die oostelike Middellandse See na Spanje gemigreer het—en in Ierland beland het.

Dit is verbasend dat twee koninklike lyne uit Serag—die Trojaanse dinastie en die Atheens-Mileterse dinastie—albei deur die Iberiese skiereiland getrek het. Met hulle aankoms het hierdie setlaars moontlik die Ebro-rivier opgevaar en op sy oewers die stad Saragossa gestig—wat sommige as die Hebreus Zerah-gaza geïdentifiseer het, wat “vesting van Serag” beteken.

Die versterking van die identifikasie met Serag, is die feit dat die heersers van die Mileters wat die Ierse troon toegeëien het, as die mense van die “Rooi Hand” bekend gestaan het. Trouens, die Rooi Hand verskyn selfs vandag nog op die amptelike vlag van Noord-Ierland en op die wapen van baie Ierse en Skotse familie-groepe.

Hierdie “ou streekembleem [staan bekend as] die bloedrooi regterhand van Ulster” (Idrisyn Evans, *The Observer’s Book of Flags*, 1959, 1975, bl. 28)—Ulster is die noordelike provinsie van Ierland waardeur die primêre koningskap later na Skotland oorgeplaas is.

’n Ou verhaal verklaar die oorsprong van Ulster se heraldiese simbool op hierdie manier: “Twis het ontstaan tussen Eremon en Eber oor die reg om die hele Ierland te regeer en dit het deur hul nageslagte geduur. Eremon en Eber, so sê die legende, het oorspronklik ’n weddenskap aangegaan oor wie van hulle Ierland eerste sou bereik. Eremon, toe hy besef het dat Eber op die punt was om die oewer voor hom te bereik, so word daar vertel, het sy hand afgekap en op die oewer gegooi en beweer dat hy die weddenskap gewen het. Daarna het die O’Neill-konings [van Eremon se geslag, vernoem na die Miletiese voorvader Niul en ’n latere koning in hierdie lyn genaamd Niall] ’n simbool van ’n Rooi Hand aangeneem. Maar ’n hand wat uitreik is ’n simbool van koningskap, en die afgesnyde hand is ’n denkbeeldige verhaal” (Ellis, bl. 228).

Ja, dit sorg vir ’n interessante storie—en *sou* die bloedrooi hand verduidelik. Tog moet dit voor die hand liggend wees dat hierdie gebeurtenis nie regtig gebeur het nie—of ten minste nie op hierdie manier nie. Geen regerende hoofman sou sy eie hand afgesny het om ’n wedstryd te wen nie, tensy hy kranksinnig was—in welke geval hy waarskynlik onttron sou word. As daar enigsins waarheid in die verhaal is, moet ons besef dat Eremon die *embleem* van die bloedrooi hand wat hom voorgestel het, voor die aankoms van sy mededinger—en moontlik ook voor sy eie aankoms—op die wal opgesit het, in plaas daarvan om sy eie hand op die wal te gooi. Dit vereis natuurlik dat Eremon reeds, voor enige veronderstelde kompetisie, die simbool van die bloedrooi hand besit het.

Die Rooi Hand moes dus 'n vroeër oorsprong gehad het. Dit word nog meer interessant as ons 'n ander faktor in die geskiedenis van die Rooi Hand oorweeg. Na verneem word, was Ulster se embleem voor die verdeling van Ierland in 1920, toe die grootste deel van Ulster die Britse deelstaat Noord-Ierland geword het, 'n bloedrooi hand omring deur 'n skarlaken koord

Dink daaraan: 'n Hand, rooi van bloed—miskien die bloed van geboorte—omring deur 'n rooi koord. Dit is tog nie bloot 'n toeval nie! Volgens 'n Noord-Ierse koerant “een tradisie beweer ... dat die Rooi Hand teruggaan na die Bybelse tyd; toe die tweelingseuns vir Juda gebore was” (David Hume, “Did a Lost Tribe of Israel Land at Carrickfergus?” *Larne Times*, 24 Desember 1986). Inderdaad, die rooi draad wat om Serag se hand vasgemaak was, is waarskynlik die oorsprong van hierdie embleem.

Die geleerde Peter Ellis sien egter aanwysings vir die oorsprong van die Ulster-embleem in verskillende Indo-Europese woorde vir koning. “Die terminologie is verwant—die Ierse *Ri(gh)* in vergelyking met die Gaeliese Keltiese *Rix*, die Latynse *Rex* en die Sanskrit Radja (Hindi = *raj*). Die Engelse koning uit die Gotiese *kunnings* het beslis geen verband nie, maar 'n verrassende terugblik na die konsep verskyn in die woorde ‘ryk’ en ‘reik’. Die antieke Indo-Europese konsep was dat 'n koning sy hand *uitgesteek* het om sy mense te beskerm. Ook in Oud-Iers was *rige* nie net die konsep vir koningskap nie, maar ook die woord vir die daad om uit te reik ... Die ou simbool van die Ui Neill van die Rooi Hand spruit ongetwyfeld uit hierdie konsep” (bl. 25). Kan dit tog nie ook wees dat die idee van iemand wat uitreik na koningskap uit die verhaal kom van Serag wat uit die baarmoeder uigereik het nie—veral as in ag geneem word dat die Israeliete onder die leiers van die Sarhietiese lande verspreid was en 'n groot invloed gehad het op die hele Indo-Europese geografiese streek?

Wat die verhaal van Serag betref, gaan die *Larne Times*-artikel voort: “Daar word dus in sommige kringe beweer dat die Rooi Hand van Ulster simbolies is vir hierdie gebeurtenis, en dat dit ook as simbolies beskou word dat die antieke Knights of Ulster mees kenmerkend in die geskiedenis van die eiland was. Hulle was bekend as die *Knights of the Red Branch*.” Ellis sê: “Daar is verskeie ordes van elite krygskorpse wat in die sages en kronieke van antieke Ierland genoem word. Die bekendste was miskien die *Ulster Red Branch Knights*, of die *Craobh Radh*. Dit kom voor in die Ulster-siklus van mites, veral in die beroemde epiëse *Tain Bo Cualigne* (*Cattle Raid of Cooley*), wat vergelyk word met die Griekse *Ilias*. Die oorsprongsdatum daarvan is onseker. Geleerdes het geïdentifiseer dat dit in mondelinge vorm, waarskynlik vanaf die La Tene-periode, vanaf ongeveer 500 vC (bl. 338), gekom het. Inderdaad, as dit verbind word met die Rooi Hand, sou die Rooi Tak nie dalk die Serag-tak van Juda se familie verteenwoordig nie?

Dit bied ons dan nog meer rede om te glo dat die Miletiese koninklike lyn van Ierland ontstaan het met Juda se seun, Serag.

Net een plek om heen te gaan

Ons het nou 'n aanneemlike verklaring oor hoe God se belofte van die septer wat deur Juda behou is, vervul is—deur die lyn van Serag. Die Sarhietiese erfgename van Juda, van Trojaanse en Miletiese afkoms, sou oor die nasies van Europa regeer—veral oor Israel in die Britse Eilande, aangesien die sterk koninklike lyn van Ierland uiteindelik na Skotland en later na Engeland sou oorgedra word.

Dit beantwoord nog nie die vraag hoe God die spesifieke belofte wat aan Dawid, wat van Peres afgestam het, sou nakom nie. Maar as ons mooi oor die saak nadink, kan ons sien dat die vraag wel beantwoord word. Want onthou jy Jeremia en sy geselskap? By die laaste vermelding het ons onself afgevra waarheen hy verder sou gaan met die dogters van die koning, met die wete dat hy die troon van Juda na Israel moes oordra.

In een sin was daar baie opsies waarheen om te gaan, aangesien die grootste deel van die noordelike tien stamme nou vanaf die ooste van die Kaspiese See tot in Oos-Europa versprei was, en weswaarts getrek het—terwyl 'n groot voorhoede van Israel Wes-Europa reeds gekoloniseer het. Maar vir 'n God wat die toekoms voorspel het—en dit aan sy knegte, die profete, insluitend Jeremia, sou openbaar (sien Amos 3:7)—was daar eintlik net *een* plek om heen te gaan. Hierdie bewering verg natuurlik 'n verduideliking.

Daar is vroeër uit die Skrif getoon dat die geboortereg-beloftes van nasionale grootheid na die seuns van die patriarg Josef—Efraim en Manasse, gegaan het. Ons boekie *The United States and Britain in Bible Prophecy* bewys dat Manasse nou Amerika is en dat Efraim vandag die Verenigde Koninkryk, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en dié van Britse afkoms in ander voormalige Britse kolonies is. Die hoogtepunt van Efraim se nasionale grootheid het tydens die Britse Ryk gekom—soos vroeër genoem, die grootste ryk in die geskiedenis van die wêreld.

Soos ons gesien het, moes die nageslag van Dawid oor Israel heers en die “hoogste onder die konings van die aarde” word (Psalm 89:28). God het verder van Dawid se dinastie gesê: “Ek sal sy hand [sy gesag] lê op die see” (vers 26). Dit is baie soos die nie-amptelike volkslied van die Britse volk: “Toe Brittanje eers volgens die Hemel se opdrag ontstaan het, gerys het uit die see; dit was die handves van die land, en beskermengele het hierdie wysie gesing: Regeer, Britannia. Britannia, regeer die golwe ...” Inderdaad, geen nasie het die see—en ook nie die land—regeer soos Groot-Brittanje dit gedoen het nie. Dit is duidelik dat die monargie van Dawid een en dieselfde moet wees as die monargie van Brittanje.

As ons die primêre lyn van afkoms van die Britse troon terug volg tot die tyd van Jeremia, dan lei dit ons na Ierland. God het natuurlik geweet dat die Ierse koninklike lyn van Jeremia se tyd uiteindelik die Britse monargie

sou word. Dit is logies dan dat Hy Jeremiah daarheen sou gelei het met ten minste een van Sedekía se dogters op sleeptou—om haar in die koninklike lyn van Serag te laat trou en daardeur die troon van Dawid te verewig.

Drie omverwerpings

Maar kon die troon nie elders vir ’n lang tydperk oorgedra gewees het voordat dit na die Britse Eilande oorgeplaas is nie? Die indirekte antwoord uit profesie blyk nee, te wees.

In Esegjël 21:26-27 het God aan Sedekía verklaar “Die tulband moet weg, en die kroon moet af! Dit bly nie so nie: Na bo met wat nederig is! Na onder met wat hoog is! Puinhoop, puinhoop, puinhoop sal Ek dit maak. Ook dit sal nie bly nie—totdat Hy kom wat daarop reg het, en aan Hom sal Ek dit gee.”

Die Afrikaanse vertalers het die Hebreeuse woord *avvâh* [nommer 5754, *Strong’s Exhaustive Concordance*] as “Puinhoop” vertaal in Esegjël 21:26-27. Die Hebreeuse woord beteken *omverwerp*, en nie puinhoop nie. Die woord is korrek in Haggai 2:22 as “omverwerp,” vertaal.

Die korrekte vertaling van die vers sal dus wees: “Die tulband moet weg, en die kroon moet af! Dit bly nie so nie [’n verandering of oorpasing sou gebeur]: Na bo met wat nederig is [die Sarhitiese leier in Israel]! Na onder met wat hoog is [Sedekía van die Peres lyn]! Omverwerp, omverwerp, omverwerp sal Ek dit [die kroon, dit is, die troon] maak. Ook dit sal nie bly nie [omverwerping]—totdat Hy kom wat daarop reg het, en aan Hom [Christus] sal Ek dit gee.”

Let op dat “omverwerping” ter wille van duidelikheid tussen hakies gevoeg is. Sommige sien hierdie vers as ’n profesie van die *verwerping* van die kroon—dat dit “sal nie bly nie” (wat beteken dat dit *nie meer bestaan nie*) totdat Christus daarop aanspraak maak. Tog kan dit nie die betekenis van hierdie profesie wees nie, anders sou God Sy onbreekbare belofte aan Dawid, van ’n onbreekbare dinastie, verbreek het. Die omverwerping moet dus verwys na die verwydering van die troon van een nasie en om dan in ’n ander opgehef te word. Die vermelding van “omverwerp” drie keer, blyk te sê dat so ’n verandering drie keer sou plaasvind—die troon sou drie keer omvergewerp word aan ’n ander volk, en daarna sal dit nie weer omvergewerp word nie totdat Jesus Christus dit in mag en heerlijkheid oorneem.

Wanneer was die laaste keer dat ’n ander land se monargie, na die troon se huidige ligging in Engeland, oorgeplaas is? Die antwoord is 1603, toe Koning James VI van Skotland, Koning James I van Groot-Brittanje geword het. Dit is natuurlik die laaste omverwerping wat plaasgevind het. Daarom is die huidige Britse vorste van Skotse koninklike afkoms.

Is daar voorheen ooit ’n troon van ’n ander land in *Skotland* oorgeplant? Ja. Die troon van die Scoti (soos die Iere van ouds genoem is) is in die laat

vyfde eeu van Ierland na die suidweste van Skotland verskuif—hul koninkryk Dalriada in daardie gebied, gesentreer op Iona (’n naam wat miskien verband hou met Ionië van Griekeland), het uiteindelik gegroei om, wat nou Skotland is, in te sluit. Dit was duidelik die vorige omverwerping—daarom was Skotland se monargie, wat Brittanje se monargie geword het, eintlik Iers.

Aangesien dit die laaste twee van drie omverwerpings was, kon daar nog net een gewees het—die eerste. En die eerste keer moes die troon van Juda oorgedra word. Dit moet dus duidelik wees dat hierdie oordrag van Juda na *Ierland* moes gewees het. As die troon van Juda na ’n ander land oorgedra is voordat dit later in Ierland weer hervestig was, sou dit ’n vierde keer insluit—wanneer dit blyk dat die Skrif slegs van drie praat. Om ’n eenvoudige afleiding te maak, moes die drie omverwerpings gewees het: 1) Juda na Ierland; 2) Ierland na Skotland; 3) Skotland na Engeland.

Daar moet wel genoem word dat dit moontlik is dat in die eerste omverwerping die dogter van Sedekía in die Miletiese Serag-lyn in Spanje of elders ingetrou het, rondom die tyd wat dit in *die proses* was om die beheer oor Ierland oor te neem. Dit sou nie nog ’n omverwerping van Spanje na Ierland wees nie, want dit sou alles deel uitmaak van dieselfde omverwerping. Of dit wel gebeur het, hang af van presies wanneer die Mileters uit Spanje Ierland oorgeneem het, wat nie heeltemal duidelik is nie.

Hulle het moontlik reeds in Ierland gevestig geraak voor Jeremia se reis—hoewel hulle miskien nog steeds die beheer oor ’n deel van Spanje behou toe hy daar aangekom het. Weereens is dit egter moontlik dat Sedekía se dogter en Jeremia die Mileters eintlik vergesel het vanaf Spanje, tydens hul inval van Ierland.

Ollam Fodhla en sy geselskap

Ierse tradisie verleen ondersteuning aan wat gebeur het. Laat ons voortgaan met die *Larne Times*-artikel wat vroeër aangehaal is: “Baie eeue gelede het drie mense op die oewer by die huidige Carrickfergus [Noord-Ierland] aangekom. Dit was omstreeks 582 vC [ongetwyfeld ’n ruwe skatting, maar in wese nadat Babilon Jerusalem vernietig het], en die drie was ’n bejaarde man genaamd Ollam Fodhla (die wetgewer), sy sekretaris en ’n pragtige prinses genaamd Tamar. Hulle het ’n groot, growwe steen saamgebring” (later meer oor hierdie steen).

Volgens Charles O’Conor van Belanagare se aantekeninge (1826) oor *The Annals of the Kingdom of Ireland by the Four Masters*: “Ollam Fola was in die antieke geskiedenis algemeen bekend as ’n wysheer en wetgewer, prominent vir geleerdheid, wysheid en uitstekende instellings; en sy historiese roem was erken deur sy medaljon in *basso rilievo* [vlakreliëf] met dié van Moses en ander groot wetgewers aan die binnekant van die

koepel van die Four Courts in Dublin te plaas” (bl. 227).

Die Ierse geskiedskrywer Thomas Moore sê dat van die figure in die verhale van die vroeë “dowwe periode van die Ierse geskiedenis ... die Koninklike Wysheer, Ollamh Fodhla, byna die enigste is wat weens die sterk lig van die tradisie wat rondom hom gegooi word, uitstaan as ’n historiese wesenlikheid en waarheid. Dit sou dien om die aard en omvang van die bewyse waarmee die wêreld soms tevrede is te illustreer, om die verskillende gevierde name wat as outentiek aanvaar word, bymekaar te maak op sterkte van tradisie alleen; min mense sou miskien ’n meer virtuele titel op hierdie voorreg kon opeis as die groot wetgewer van die Iere, Ollamh Fodhla” (bl. 86).

Ollam Fodhla se wette het ’n opvallende ooreenkoms met die Tien Gebooi en ander Hebreeus insettinge. Dit is interessant dat *Ollam* in die Hebreeuse taal geles kan word as “oud” of “geheim” (James Strong, “Hebrew and Chaldee Dictionary,” “*Abingdon’s Strong’s Exhaustive Concordance of the Bible*,” Strong se nr. 5769; *Enhanced Strong’s Lexikon*, Logos Software, Nrs. 5769, 5956)—dit dui miskien op ’n besitter van geheime kennis (Milner, bl. 12). *Fodhla* of *Fola* kan in Hebreeus verstaan word as “wonderlik” (*Enhanced Strong’s Lexikon*, *Strong’s Hebrew* nr. 6381) of in die Kelties as “openbaarmaker” (Milner, bl. 12). As hierdie betekenis saam beskou word, dui dit blykbaar op ’n Hebreeuse profet. In Oud-Gaelies word *ollamh* aangewys as “die hoogste kwalifikasie vir geleerdheid en is dit nou die moderne Ierse woord vir professor” (Ellis, bl. 4). Dit blyk dat Ollam Fodhla ’n koninklike skool of universiteit in die nasionale paleis gestig het—in die Kronieke van Eri word daarna verwys as Mur Olamain, miskien vertaalbaar as “Huis van die profete.”

Die individu wat hierbo na verwys word as Ollam se sekretaris, word soms na verwys as Simon Breck, Brach of Berach (’n Bybelse naam wat beteken “seën” of “kniel”, *Strong’s Hebrew* nrs. 1263, 1288)—al is daar ’n geskil oor of hy ’n tydgenoot was van Ollam. Tamar is ook ’n Bybelse naam (wat drie vroue in die Skrif aandui, almal in die geslag van Dawid), wat “palm” in Hebreeus beteken (nrs. 8558, 8559). Die Tamar van Ierland word soms ook, blyk dit, in die Ierse geskiedenis en gedigte aangedui as Tea (Hebreeus “swerwer,” nr. 8582) en Tephi (Hebreeus “tamboeryn,” nr. 8596—of ’n Hebreeuse variant wat “’n vorm van toegeneentheid, of ... die skoonheid en geur van vrugte,” Milner, bl. 19) beteken. Tog voer baie aan dat dit verskillende vroue is wat ver verwyderd is in tyd.

“Presies wie was hierdie mense?” vra Pat Gerber, ’n dosent aan Glasgow Universiteit. “Is dit bloot die begeerte om verbindings te maak wat skakels voorstel waar daar niks anders as toeval is nie?” (*Stone of Destiny*, 1997, bl. 47).

“Volgens sommige godsdienstige geleerdes,” sê die *Larne Times*-artikel wat pas aangehaal is, “was die bejaarde man wat eeue gelede by Carrick geland het, die profet Jeremia.” En daar is ’n sterk tradisie in Ierland om

hierdie begrip te steun. Dit lyk asof dit Simon Breck Jeremia se skrifgeleerde Barug (*Berekh* in Palaeo-Hebreeus) maak, wat miskien ook Simeon genoem is. In elk geval, albei name is beslis Hebreeus.

Tamar, of Tea-Tephi, sou Sedekia se dogter wees. Soos in dieselfde artikel verder berig word, sê die tradisie ook: “Prinses Tamar is getroud met die Hoë Koning van Ierland ... al die konings van Ierland en Skotland kom van hul koninklike geslag af.” Gerber sê: “Haar naam in Iers is Teamhair—wat deur middel van mutasie “‘Tara’ geword het”—die naam van die antieke setel van die hoë konings van Ierland net noordwes van Dublin (Gerber, bl. 49). Tog moet genoem word dat sommige glo dat die naam Tara afgelei is van die Hebreeuse *Torah*, of “wet”—Tara wat die setel van die Wet is, wat miskien deur Jeremia gebring is.

Let op hierdie uit een van die Ierse kronieke: “Kort na hierdie verowering deur die seuns van Milete, hul familieledes en vriende, het hulle die hele koninkryk onder mekaar soos volg verdeel. Maar eers, voordat hulle op hierdie land beland het, het Tea, die ... vrou van Heremon, een versoek van haar genoemde man en bloedverwante gevra wat hulle gevolglik toegestaan het, naamlik dat die plek wat sy die graagste in die koninkryk sou wou hê, vir altyd die hoofsetel vir haar nageslag sou wees om in te woon; en met hul landing kies sy Leitrim, wat sedertdien Tara genoem word, en wat sy Tea-mur laat noem het—die huis, paleis of stad Tephi” (*Annals of Clonmacnoise*, vertaling van Conell MacGeoghegan, 1627, bl. 27).

Die naam van die hoë koning met wie sy getrou het, word soms gegee as Heremon, Eremon, Erimionn of iets soortgelyks en soms as Eochaidh—die laaste is nie ’n naam nie, maar bloot die woord vir “prins.”

Vrae oor wie is wie

Tog moet erken word dat niks hiervan seker is nie. Inderdaad, hoewel daar baie meer ooreenkomste tussen Jeremia en Ollam Fodhla blyk te wees, verskyn Ollam in die Ierse koningslyste as ’n *koning* en soms as een wat eeue voor Jeremia geregeer het. Simon Brach word *ook* genoem as ’n koning—soms as die seun van die koning van Spanje—wat nie altyd in die tydperk inpas nie. Nie een van hulle blyk om kronologies by Heremon te pas nie. En die name Tea, Tephi en Tamar verwys blykbaar nie altyd na dieselfde persoon nie.

Alhoewel baie voor die hand liggende en belangrike feite uit die Ierse geskiedenis en verskillende stambome nagespeur kan word, is daar baie rede om te twyfel of dit akkuraat is ten opsigte van die datering van spesifieke heersers—of, meer akkuraat, met die dateringskema wat die kroniekskrywers aangeneem het—veral omdat hulle nie almal saamstem nie. Dit lyk asof die verskillende rekords en tradisies wat die kroniekskrywers gebruik het, ietwat van ’n warboel was, en die samestelling daarvan het

beteken dat hulle deur dit moes gaan en probeer om dinge in orde te stel. Die rekords self was miskien ietwat betroubaar. (Ons weet nie, want hulle is nou verlore.) Maar die manier waarop hulle saamgestel is, is duidelik problematies.

Byvoorbeeld, die samestellers het klaarblyklik dinastieë wat oorvleuel en eityds was in opeenvolging geplaas—en sodoende het die begin van die Miletiese konings teruggestrek tot ’n onmoontlike vroeë datum van 1700 vC (Dit is onmoontlik omdat die Mileters na die Israelitiese Danaëns of Daniëte aangekom het. En in 1700 vC het die familie van Jakob, nog klein, nog nie eens na Egipte gegaan nie. Daar was nog *geen stam* van Dan nie. Dit was inderdaad toe Josef in Egiptiese slawerny verkoop is en Peres en Serag pas gebore was.)

Daarbenewens blyk dit dat die samestellers in ten minste een geval waar ’n antieke bron van die Ierse kronieke blykbaar ’n Hebreeuse sin bevat het, verkeerdlik die Hebreeuse woorde as die name van heersers beskou het (sien Milner, bl. 11 voetnoot). Verder lyk dit asof heelwat individue soms saamgesmelt is in een—of, in ander gevalle, is verskillende aspekte van dieselfde persoon onder verskillende mense versprei.

As dit alles so is, lyk dit heeltemal moontlik dat Ollam Fodhla kronologies in lyn gebring kan word om Jeremia in die 500’s vC te wees. Thomas Moore het Charles O’Conor se *Dissertations on the History of Ireland* (1766, sekans 4) aangehaal om aan te toon dat Ollam Fodhla in 600 vC in Ierland regeer het—hoewel Moore geglo het dat die koninklike wysheer baie later geleef het.

Wat ’n tradisie betref dat Jeremia op Devenish Eiland in Lough Erne naby Enniskillen in Noord-Ierland begrawe is, sê ’n plaaslike publikasie: “Die Jeremia-verhale is nie plaaslik nie [hulle kom uit ander dele van Ierland en is dus nie wensdenkery van die inwoners van die gebied nie], en word nie gevind in die annale [onder die naam Jeremia nie], waar Cessair, Noag se kleindogter, en ander karakters uit die Ou Testament figureer. Daar is twee weergawes van die Jeremia-verhaal.

“Jeremia, ’n priester van die huis van Aäron, het uit Jerusalem gevlug toe dit deur die koning van Babilon vernietig is, en sy dogter Hamutal, die weduwee van koning Josia, en haar twee dogters saamgeneem [’n algemene fout sedert Hamutal se vader ook Jeremia genoem was, maar van *Libna* was, terwyl die profeet Jeremia van Anatot was] en enkele nasionale skatte uit die tempel. Die belangrikste hiervan was die Lia Fail, oftewel Klip van Bestemming, Jakob se klip.

“Die boot het aan die kus van Ierland skipbreuk gely, maar die groep het daarin geslaag om na die heuwelsitplek van die laaste Tuatha De Danaan-konings van die stamme van Dan te gaan. ’n Ierse rympie word as bewys vir hierdie legende geneem; die betrokke Finn is 600 vC gedateer, die tyd van Jeremia: *Finn McCool went to school / With the prophet Jeremiah*. Finn het die Wet by Jeremia geleer, en sy opvolger, die koning van Milete,

het die heuwel Torah (die Wet) of Tara genoem. Daar word gesê dat Jeremia se lyk al die pad na die eiland Devenish vervoer is vir die begrafnis soos die van ’n koning ...

“’n Ander weergawe van die verhaal laat Jeremia saam met Tea Tephi, oudste dogter van Sedekía, na Ierland vlug in die skepe van die Daniëte. Weereens word gesê dat sy graf en die Lia Fail op Devenish is” (Mary Rogers, *Prospect of Fermanagh*, 1982, bl. 30-31). Sommige sê egter dat hy—of eerder Ollam Fodhla—naby Tara begrawe is. Dit kan nog ’n gevolg wees van die verwarring tussen verskillende identiteite van die tydperk.

Hoe dit ook al sy, die datering van 600 vC, of eintlik kort daarna in die 500’s, is redelik. Inderdaad, ’n sterk saak kan aangevoer word dat die Miletiese inval eers omstreeks hierdie tyd ’n aanvang geneem het—’n kritieke faktor om te oorweeg toe Ollam Fodhla op die toneel verskyn het, aangesien hy gedurende die Miletiese periode geleef het.

Sorteer identiteite uit

As Ollam Fodhla inderdaad Jeremia was, is sy identiteit as koning redelik maklik om te versoen. Dit kon voortgespruit het uit die feit dat dit voorgekom het dat hy die vader of grootvader van die oostelike prinses was wat hy saamgebring het—of, nog meer waarskynlik, verwarring oor die feit dat hy ’n groot wetgewer was. Gerber sê in *Stone of Destiny*: “Ollam Fodhla was die eerste koning wat die Fes, of die Parlement van Tara, ingestel het, en die eerste wat distrikshoofde in Ierland georden het” (bl. 50).

Onthou dat in Israel ’n profeet die verteenwoordiger van God vir die koning was. En in antieke Ierland, “is ’n *ollamh* beskou as van ’n vorslike rang. ’n *Ollamh* van die wet en poësie was beskou as die gelyke van ’n koning aan die hof; hy, of sy, want albei was volgens die wet gelyk, kon selfs voor die koning op ’n raad praat en raad gee” (Ellis, bl. 337). As Jeremia hierdie soort gesag in Ierland uitgeoefen het, kon die algemene bevolking aan hom gedink het as ’n koning. Let weer op God se opdrag aan Jeremia: “Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke ...” (Jeremia 1:10). Dit blyk dus dat hy heelwat gesag sou uitoefen. ’n Interessante oorweging in hierdie verband is dat *The History of Ancient Caledonia*—’n Skotse publikasie uit 1897, wat na bewering ’n transkripsie is wat die skrywer John MacLaren van ’n veel ouer bron gedoen het—verwys herhaaldelik na Ierland as “Jeremy se Land.”

Dink ook daaraan dat die koning self na die profeet as “my vader” kon verwys het uit respek, net soos in eertydse Israel gedoen is (sien 2 Konings 2:12; 6:21). Dít kon ook die oorsaak gewees het dat Jeremia as koning beskou is. Trouens, Gede, ’n naam wat destyds vir die koning gegee is, word in ’n ou gedig na verwys as die seun van Ollam Fodhla. En daar kan nog ’n ander rede vir die verwarring wees, soos ons binnekort sal sien.

Dit blyk ook dat Simon Brach chronologies ’n tydgenoot van Ollam Fodhla kon wees—as hulle in gedeeltes gelys word wat eintlik moet oorvleuel. Daar moet op gelet word dat die berekening van Brach as koning, moontlik ’n fout was. In die Bybel word Barug die seun van Nería genoem. Oorweeg egter wat in ’n taalkundige handboek staan: “Klank veranderings ... [soos] ’r wat l word’ ... is ’natuurlike’ klankveranderings wat dikwels in die wêreld se tale voorkom” (Victoria Fromkin en Robert Rodman, *An Introduction to Language, Fourth Edition*, 1988, bl. 318). Miskien is Nería as Nelia gelees. Dus kon Baruch per abuis as die seun of afstammeling van Neleus, die voorvader van die Miletiese dinastie, gereken word.

Daar is ook gesê dat Simon Breck ’n afstammeling van Gathelus is. Aangesien hierdie naam ’n eponiem is vir die Goidels of die Skotte, beteken dit regtig dat Breck ’n Skot (’n Israeliet) was. Maar omdat Gathelus, of tewel Gede, as ’n werklike naam van die stigter van die Miletiese dinastie beskou is, was Simon Breck ’n afstammeling van hom gemaak, alhoewel hy waarskynlik nie was nie—en *beslis* nie as hy Baruch was nie.

Dit is natuurlik moontlik dat Baruch tot ’n hoë posisie in Ierland verhef is. God het vir hom gesê om nie grootheid te soek nie—dat sy beloning die bewaring van sy lewe sal wees oral waar hy gaan (Jeremia 45:5). Maar miskien, sodra hy opgehou het om grootheid te *soek*, het God hom uiteindelik in sy latere jare met ’n mate daarvan beloon. Hy kon edelman geword het oor ’n klein heerskappy, soortgelyk aan Kaleb in die Beloofde Land (sien Josua 14:13-14)—en dit kon tot die verwarring gelei het dat hy koning was. Of miskien was hy een van die distrikshoofde wat deur Ollam Fodhla georden is. Hy kon selfs as ’n werklike mindere koning beskou word onderhewig aan Ierland se hoë koning.

Dit is interessant dat hy as die seun van die koning van Spanje beskryf word, aangesien Jeremia se geselskap klaarblyklik deur Miletiese Spanje gekom het. As hy ’n prins van Spanje was, sou dit ’n misverstand kon wees as gevolg van die feit dat hy direk *van* Spanje na Ierland gegaan het, asook die verwarring oor die naam van sy vader—en hy was miskien verkeerdelik as die seun van die vorstelike Jeremia beskou, en ons kan miskien sien hoe Barug later as sy afstammeling beskou was.

Daar is verdere verwarring oor die identiteit van Heremon of Eremon. Daar word dikwels gesê dat hy die seun van Milesius was, maar word soms geïdentifiseer as Milesius self. Verder is daar, soos genoem, ’n Gede of Ghede wat blykbaar sinoniem met Heremon was. Daar word soms gesê dat Heremon ’n *seun* met die naam Heremon gehad het. Hierdie naam, ’n Hebreeuse derivatief, wat miskien iets soos “hoogste” beteken het (sien Milner, bl. 11 voetnoot), sou ’n titel vir die Ierse hoë koning kon word—soortgelyk aan Eochaidh as ’n algemene term vir prins. Dit maak dus nie saak wat die werklike naam van die koning ten tye van Jeremia was nie, hy was moontlik ook na verwys as Eochaidh en Heremon. Volgens sommige weergawes daar word beweer dat Tea met Gede, “die Heremon,” getrou het.

Daar is ’n ander moontlikheid rakende die naam Heremon wat nogal verstommend is om te oordink. Die sogenaamde Hebreeuse afleiding vroeër genoem, word afgelei van die grondwoord *ruwm*, wat “hoog ... verhewe” beteken (*Enhanced Strong’s Lexicon*, Nr. 7311). En hierdie grondwoord vorm die naam van ’n bekende Hebreeuse naam—Jeremia! Sy naam, onderverdeel as Yerem-Yah, word verstaan as “Verhewe deur die Ewige” of “Aangestel deur die Ewige” (Nr. 3414). In Grieks is hy Ieremias. In Spaans word sy naam Heremias uitgespreek. Met die Keltiese vergrotende agtervoegsel sou dit Heremion of Heremon word. Dit kan dus net wees dat Jeremia se naam tog in die Ierse annale verskyn—en dat sy naam deurmekaar geraak het met sy tydgenote. As dit so is, was Heremon nie eintlik die naam van die man van Sedekía se dogter nie—hoewel dit die naam van *hulle* seun kon wees. Want so belangrik soos Jeremia was, sou dit glad nie verbasend wees om te vind dat ander, veral in die koninklike familie, na hom vernoem was nie. Hoe dit ook al sy, dit is interessant om in ag te neem dat, soos een bron dit gestel het, “Heremon en Ollam Fola is vermeng in hopelose verwarring” (Matthew Kelly, 1848, vertaalnotas wat gepaard gaan met John Lynch se *Cambrensis Eversus*, 1662).

As Heremon of Eremon die Ierse vorm van Jeremia is, kan dit ons ’n ander moontlike oorsprong van die naam Eire of Ire-land gee. Dit kan inderdaad verklaar waarom Ierland Jeremy se Land genoem is. Want *Ierland* sou eintlik “Jeremia se land” *beteken*—die land van Jeremia! Tog moet nog steeds in gedagte gehou word dat die naam Heremon aan die eerste Miletiese koning van Ierland gegee is, of dit sy werklike naam was, al dan nie.

Tea-Tephi of Scotsa?

Wat die name Tea, Tephi en Tamar betref, alhoewel hulle na dieselfde persoon in die tyd van Jeremia kan verwys, is dit ook moontlik dat dit nie so is nie. Ten gunste daarvan is die feit dat hierdie name soms in ou Ierse gedigte saam gekoppel word. Boonop sou hierdie benamings, as dit dieselfde betekenis as die Hebreeus gehad het, moontlik toegepas kon word op ’n Hebreeuse prinses wat Jeremia vergesel het, selfs al was dit nie haar regte name nie—verhale oor haar sou haar dus miskien met ander vroue verwar het. Ook, ten gunste daarvan is dat, as die ander genoemde name inskakel met Jeremia, sy ook in sal pas.

Daar is nog ’n moontlike verklaring rakende haar identiteit. Een van die primêre Ierse kronieke, *The Annals of the Kings of Ireland by the Four Masters*, meld “Tea, dogter van Lughaidh, seun van Itha, met wie Eremhon in Spanje getroud is” (1636, Volume 1, bl. 31). Met die eerste oogopslag lyk dit asof dit nie die dogter van Sedekía is nie. *Lughaidh* mag egter nie na ’n werklike persoon verwys nie. Daar word na die Iere verwys as die “afstammeling van Lughaidh” en na Ierland as “die land van Lughaidh”—

”een van die vele arbitrêre bardiese name vir Ierland” (*Annals of the Four Masters*, Volume 6, aanhangsel).

Lughaidh in die ou Gaelies kan “Huis van God” beteken—omvattend van *Logh*, “God,” en *aidhe* “huis, bewoning, vesting” (Edward O’Reilly, *An Irish-English Dictionary*, 1821, 1864). “Huis van God” (Hebreeus *Beth-El*) was moontlik ’n benaming vir Dawid se dinastie of selfs vir die “groot, growwe steen” wat volgens berigte deur Jeremia gebring was. Die woord Lughaidh kan ook van *lugh* of *lughadh* kom, wat “eed” beteken—blykbaar omdat dit God aanroep (O’Reilly, opmerking deur redakteur John O’Donovan, bl. 671; N. MacLeod en D. Dewar, *A Dictionary of the Gaelic Language*, 1831, 1909)—en kan verband hou met God se eed aan Dawid.

Die naam *Itha* of *Ith* kan moontlik “kroon” beteken, net soos die verwante Walliese *yd* (O’Reilly). *Ith*, wat van Spanje kom, was volgens sommige verslae na bewering die seun van *Breoghan*, maar dit kan bloot wees omdat die Miletiese koningslyn vanaf *Brigantium* (moderne Corunna naby Santiago de Compostella) aan die noordkus van Spanje, na Ierland gekom het. Tea is in ten minste een ou gedig, genaamd *Temor van Bregia*. Daar moet op gelet word dat Brega of Breagh die onmiddellike gebied van Tara in antieke Ierland was, vernoem na die Keltiese stam bekend as die Brigantes (of andersom). Volgens Ptolemy was die Brigantes rondom 150 nC in die suidooste van Ierland gevestig. Hy noem ook dat hulle destyds een van die Keltiese stamme in Britanje was, soos ander bronne ook getuig (sien www.romanbritain.org/tribes/brigantes.htm). Sommige glo nou dat hulle hul naam afgelei het van die Keltiese godin Brigid. Dit kan inderdaad wees dat sy bloot ’n latere vergoddeliking van Tea was, gekombineer met kenmerke van ander heidense godinne. Volgens sommige geleerdes “kom die naam Brigid van die Oud-Ierse *brigante*, wat ‘die verhewe een,’ beteken” (*In Search of Ancient Ireland*, Program 2: “Saints,” PBS Home Video, 2002). Hierdie titel kan moontlik ooreenstem met die moderne “hoogheid” vir ’n koninklike persoon. Hoe dit ook al sy, dit is beslis moontlik dat die naam Brigantes of Brega oorspronklik afkomstig is van Brigantium in die noordweste van Spanje—wat alles betrekking het op ’n koninklike titel.

Dus kan “Tea, dogter van Lughaidh, seun van Itha, seun van Breoghan” denklik gelees word as “Tea, dogter van die Huis van God [of eed], kind van die kroon, kind van Brigantium [of kind van koninklikes].” Dit kan heel moontlik ’n Joodse prinses van Dawid se lyn beskryf wat deur die Iberiese Skiereiland na Ierland gegaan het.

Aan die ander kant kan dit wees dat Lughaidh en Ith werklike mense was en dat hierdie Tea nie die dogter van Sedekía was nie. Miskien was Lughaidh eerder sinoniem met die vroeër genoemde *Gathelus* wat glo volgens die Ierse en Skotse geskiedenis met ’n “dogter van ’n farao,” genaamd *Scota*, getrou het. Sy kon heel moontlik Sedekía se dogter gewees het, soos sommige beweer. *Gathelus* en *Scota*, volgens sekere verslae, het nooit Ierland gehaal nie. En in hierdie scenario sou Tea-Tephi, *hul* dogter,

die *kleindogter* van Sedekía gewees het. As dit so is, sou dit nog steeds die belofte van God, dat Dawid ’n afstammeling in “alle geslagte” sou hê, vervul het—solank die omverwerping van die troon van Juda na Ierland tot stand gekom het voordat die geslag wat met die val van Jerusalem geleef het, oorlede is.

Daar is egter probleme met bogenoemde verduideliking, waarvan die hoofrede is dat daar gesê word dat *Gathelus* en *Scota* se *seun*, een van *verskeie* seuns, koning geword het—nie hulle dogter nie (terloops, dit pas steeds in by God se belofte aan Dawid). Daar word egter berig dat die meeste van hulle seuns gesterf het—en die jongste, *Heremon*, laat regeer het. Maar miskien was *Heremon* nie hulle seun nie. Dit kan wees dat hy hul skoonseun was, getroud met hulle dogter, *Tea-Tephi*.

Dan kan dit net sowel wees dat dit verkeerd is, en dat daar geen tussenliggende generasie was in die oordrag van die troon na Ierland nie, en dat *Tea-Tephi* dieselfde was as *Scota*. Ander meen *Scota* die *suster* van *Tea* was (aangesien *Jeremia* die koning se “dogters”—meervoud, begelei het). Nog ander redeneer dat *Gathelus* en *Scota* op geen enkele manier aan *Sedekía* gekoppel kan word nie, aangesien hulle *Sedekía* en *Jeremia* vermoedelik lank vooraf gegaan het.

Staan op God se Woord

Die punt om deur dit alles te gaan, is drievoudig: om aan te toon dat 1) daar talle probleme is om presies vas te stel wat gebeur het met die oordrag van die troon van Juda na Ierland en die betrokkenes spesifiek te identifiseer; maar dat 2) hoe dit ook al sy, probleme met die identifikasie nie die moontlikheid negeer dat *Jeremia* toegesien het dat *Sedekía* se dogter in die Miletiese lyn sou trou wat Ierland regeer het, of sou regeer, nie. En 3) die feit dat die beskikbare inligting by ’n aantal werkbare scenario’s kan pas, versterk eintlik die waarskynlikheid dat *Jeremia* sy opdrag uitgevoer het op die manier wat ons, volgens die Skrif, aanneem.

Pat Gerber, die vroeër aangehaalde dosent aan die Universiteit van Glasgow, bly onoortuig van enige bande tussen Ierland en die lyn van Dawid. Maar let op wat sy sê: “Geen ernstige historikus sou dit waag om voor te stel dat *Sedekía* se dogter *Tea* met die Ierse Koning *Eochaid* die *Heremon* kon getroud wees nie. En tog—dit is nie onmoontlik nie . . .” (bl. 50).

Sy sê verder: “Durf ons *Simon Brech* met *Jeremia* se skrifgeleerde *Barug* verbind, en *Tara* verbind met die *Prinses Tea*, die enigste oorlewende van die lyn van Dawid, wat deur Egipte as die gas van *Farao* op haar vlug van *Nebukadnesar* gereis het? Kon sy deur latere skrywers vernoem geword het as ‘*Scota*’ omdat sy met *Eochaid* die *Heremon* getroud was, koningin geword het van die ‘*Skotte*,’ soos die *Iere* toe bekend gestaan het, en moe-

der van 'n koninklike Iers-Skotse dinastie was? Waarskynlik nie—maar omdat nog niks hiervan bewysbaar of weerlêbaar is nie, staan dit ons vry om te droom” (bl. 50).

Oor die algemeen is dit egter beslis geen droom nie. Want baie meer is eintlik bewysbaar as waaraan sy en ander krediet gee—veral in die Skrif. Daar is inderdaad baie inligting in selfs die Ierse annale wat pas by die feite wat ons vir seker ken. Tog is dit beslis troebel waters soos ons gesien het, en die gevolgtrekkings wat ons bereik, kan soms drome en vermoedens wees.

Ons moet versigtig wees om wat ons ook al doen, nie die kronieke van Ierland of die van ander nasies te behandel soos die Skrif nie—en ver wag dat hulle onfeilbaar sal wees nie. Inteendeel, dit kan groot foute bevat en selfs deurmekaar wees soos ons gesien het. Sommige van Ierland se geskiedenis spruit uit bardiese mondelinge tradisies. Dit is net nie redelik om te veel waarde te plaas op alles wat hulle te sê het nie.

Dit moet ons egter aanmoedig om, terwyl ons deur al die inligting gaan, dit te versoen met die algemene begrip wat ons het. En watter begrip is dit? In hierdie geval—gebaseer op tekste wat die opdrag van Jeremia verklaar en terug ekstrapoleer van duidelik vervulde Bybelprofesieë rakende die identiteit van Israel vandag—dat Jeremia na Ierland moes gegaan het, dat hy een van Sedekía se dogters ten minste 'n deel van die weg geneem het en dat sy moes ingetrou het met, wat die Ierse koninklike lyn was, of geword het (hetsy in Ierland of in Spanje of êrens anders in die proses om die troon na Ierland oor te dra).

Dit maak eerlikwaar nie saak of hierdie feit nêrens in die Ierse annale gespesifiseer word nie. Natuurlik sou ons verwag dat dit sou wees—en dit lyk waarskynlik dat dit was, gebaseer op wat ons gesien het. Maar miskien was Jeremia en die Hebreëuse prinses glad nie genoem as om in Ierland te gewees het nie. Miskien het haar huwelik met die troon van Ierland met min of geen fanfare plaasgevind. Dit maak nie saak nie.

Die belangrikste ding om te besef is dat die profeet daar was—en dat Sedekía se dogter wel in die Miletiese koninklike geslagslyn getrou het. Anders het Jeremia sonder enige rede baie moeite gedoen. Boonop het God deur Esegïël gesê dat dit *sou* geskied—en Hy het dieselfde taal in Esegïël se profesie gebruik om die opdrag van Jeremia te beskryf. Ons kan dan gerus aanneem—as ons God glo—dat Jeremia die oordrag van die Dawidiese troon van Juda na Israel voltooi het. En as ons die profesie oor die drie omverwerpinge as geldig aanvaar, dan moes Jeremia die huwelik van Sedekía se dogter in die koninklike geslag van Ierse konings verseker het. Ons bewys berus op God se Woord en verifieerbare geskiedenis. Ons moet hierdie onfeilbare feite as 'n vaste grondslag aanvaar. Ierse tradisies en fragmentariese historiese besonderhede kan dan in hierdie lig beskou word—en dit blyk inderdaad om interessante en ondersteunende besonderhede in te vul.

Ons kan miskien die woorde van F.R.A. Glover, wat in die 19de eeu baie oor hierdie onderwerp geskryf het, aanhaal: “Ek het ... geen begeerte om my hipotese te belemmer met enige argument oor of die Ollam Fodhla van die Ierse tradisie verkeerdelik vir die profeet Jeremia aangesien was of nie. Ek voel dat die geval van die teenwoordigheid van die roemryke Siener in Ierland op ander gronde uitgemaak word; dat hy inderdaad die vervoerder van die Steen [van Bestemming], die geleier van ‘die Koning se Dogters’ en die stigter van die Vaandel van Juda, in Ierland moes gewees het. Ek is tevrede hieroor, lank voordat ek 'n woord van die Legende, dat hy die groot kryger Finn McCoy se instrukteur was, of selfs van die bestaan van hierdie Ollam Fola, gehoor het” (*England, the Remnant of Judah, and the Israel of Ephraim*, 1861).

Ander bronne en 'n waarskuwing

Tog het Glover nietemin 'n sterk saak gemaak vir die identifisering van Ollam Fodhla as Jeremiah. Sy werk is aanlyn beskikbaar (www.abcog.org/glover.htm)—net soos baie ander artikels en publikasies oor hierdie hele onderwerp van die oordrag van die troon van David na die Britse Eilande. 'n Ander een is *Judah's Sceptre and Joseph's Birthright* deur J.H. Allen, die eerste keer in 1902 gepubliseer (www.giveshare.org/israel/judah).

Een belangrike bron, wat reeds aangehaal is, is *The Royal House of Britain: an Enduring Dynasty* deur W.M.H. Milner. Hierdie boek, wat die eerste keer in 1902 gepubliseer is, het verskeie herdrukke ondergaan. Dit is beskikbaar by *The Covenant Publishing Co., Ltd.*, in Londen (www.britishisrael.co.uk/booklist.htm). Vir 'n meer onlangse werk, sien *The Throne of David* deur Peter Salemi (aanlyn by www.britishisrael.ca/David.htm). Onthou dat die aanbeveling van buite-bronne vir verdere studie nie 'n onderskrywing is van alles wat in die bronne vervat is nie.

Vir diegene wat belangstel in die Ierse koningslyste en annale, is baie daarvan nou beskikbaar via die internet (sien www.magoo.com/hugh/irish-kings.html en verwante materiaal). Daar moet egter vooraf opgemerk word dat die rekords, soos reeds genoem, taamlik deurmekaar is. En hulle bevat nie al die beskikbare inligting oor die verskillende karakters wat genoem word nie. Sommige materiaal is afgelei van die verskillende stambome van Ierland en Skotland—sowel as tradisionele rympies, gedigte, liedjies en verhale, waarvan sommige mondelings oorgedra was.

Verder is daar 'n waarskuwing met betrekking tot sulke materiaal en, eerlik gesê, baie ander aspekte van hierdie studie. Die apostel Paulus het gesê Christene moet “hulle nie besig hou met fabels en eindelose geslagsregisters nie, wat net twisvrae bevorder meer as stigting van God wat in die geloof is” (1 Timoteus 1:4). Dit beteken nie dat ons niks met geslags-

registers te doen moet hê nie—want dit word deurgaans aangetref.

Die Skrif en God verwag van ons om die geheel van Sy Woord te bestudeer (2 Timoteus 3:16). Paulus bedoel dat sulke items nie ’n groot fokus van ons studies moet uitmaak nie. Ons moet inderdaad nie toelaat dat sulke sake ons tyd verbruik tot die uitsluiting van belangriker geestelike kwessies nie.

Ons moet selfs meer versigtig wees wanneer dit kom by geslagsregisters en geskiedenis buite die Bybel, wat debatteerbaar is. Alhoewel hulle interessant en insiggewend kan wees, kan hulle ook ’n drein op ons geestelike energie word as ons ’n buitensporige hoeveelheid tyd spandeer om dit te ondersoek.

Die eintlike doel in ons huidige studie moet wees om die basiese kern te kry van wat gebeur het—om te sien dat die ongelooflike profetiese beloftes wat God aan Abraham, Isak, Jakob, Josef, Juda en Dawid gegee het, nagekom is. Hier is ’n aantal sleutelemente wat voor die hand liggend en deeglik Bybels is—en ons moet ferm hierop staan ten spyte van ander se pogings om dit af te kraak.

God het inderdaad deur Paulus beveel “verag die profesieë nie” (1 Tesaloniense 5:20). Want om God se leidende hand in die geskiedenis te sien, sal geloof in Sy Woord inspireer—wat van groot waarde is. Die detail van die besonderhede, aan die ander kant—veral van buite die Bybel—kan ons fokus wegneem van wat belangrik is as ons nie versigtig is nie.

Dit is beslis nie bedoel om interessante en potensieel vrugbare navorsing te ontmoedig nie. Dit is eerder vir ons almal ’n herinnering om seker te maak dat ons die regte balans en fokus in enige van ons studies handhaaf.

Meer verbindings met Dawid

Behalwe wat ons reeds gesien het, is daar ook *ander* bevestigende faktore wat die geslagslyn van Dawid met Ierland verbind. Drie kilometer noord van Tara is ’n gebied wat bekend staan as “Dowd’s Town.” Dowd is ’n Hebreeuse naam. In Afrikaans skryf ons dit as Dawid, maar die Hebreeuse uitspraak van Dawid is *Duwd* of *Dowd*. Reg langs die antieke Tara, waar die geslagslyn van Dawid gevestig was, is ’n stad wat as die nedersetting van Dawid aangewys was.

As ons terugkeer na die *Larne Times*-artikel, sien ons verder: “Toe Jeremia se geselskap daardie dag baie eeue gelede by Carrick aangekom het, was hulle onder familie en kennis van die verspreide volk van Israel ... Diegene wat glo dat die stamme van Israel na die Britse Eilande gereis het, noem ook die gebruik van ’n sespuntige ster in Ulster ... synde ’n simbool van die koninklike geslag van Dawid.”

Dit is werklik merkwaardig. Vroeër is genoem dat die vlag van Noord-

Ierland die “Bloedrooi regterhand van Ulster” daarop het. Wat nie genoem was nie, is dat hierdie rooi hand in die middel van ’n *sespuntige* ster verskyn. Daar word gesê dat die ster die ses provinsies van Ulster verteenwoordig. Tog is dit die einste “Ster van Dawid”—die simbool van die Jode. Is dit blote toeval dat die Rooi Hand van Serag simbolies met die Ster van Dawid saamgesmelt is? En bo-op daardie ster, op die vlag, is die koninklike kroon. Dit is te veel om toevallig te wees. Dit blyk inderdaad ’n verdere bewys te wees dat die koninklike geslag van Dawid in die Miletiese koninklike lyn van Serag getrou het.

Verder lui die artikel van die *Larne Times*: “Jeremia het moontlik die harp van koning Dawid saamgebring.” Die harp is lankal die nasionale embleem van Ierland. Dawid self, die “geliefde psalmdigter van Israel” (2 Samuel 23:1, *Nuwe Lewende Vertaling*), het “goed op die lier” gespeel (1 Samuel 16:16-17, *Nuwe Lewende Vertaling*)—en dit is heeltemal moontlik dat die harp ’n simbool van sy dinastie geword het.

In 1581 het Vincenzo Galilei, musikant en vader van die beroemde sterrekundige Galileo, ’n boek gepubliseer waarin hy die volgende gesê het oor die harp: “Hierdie oudste instrument is na ons toe gebring vanaf Ierland, waar so iets uitstekend en in groot aantal gemaak word; die inwoners van die genoemde eiland het dit hul kuns gemaak gedurende die baie eeue wat hulle daar gewoon het, en dit is boonop ’n besondere onderneming van die koninkryk; en hulle verf en graveer dit in hul openbare en privaat geboue en op hul heuwel; hulle verklaar as hul rede daarvoor *dat hulle van die koninklike profet Dawid afstam*” (*Dialogo della Musica Antica*). Natuurlik sou dit meer van toepassing wees op die koninklike familie as op die Iere in die geheel—wat hoofsaaklik van Danaën-erfenis, en meestal Daniete, is.

Vandag verskyn die harp van Ierland—die harp van Dawid—op die vlag van die Ierse Republiek en op die Britse koninklike wapen. Verbasend genoeg lyk dit asof die Britse koninklike heraldiek baie te vertel het oor die identiteit van Brittanje en sy blywende dinastie.

Met al die bewyse tot ons beskikking, kan ons met vertroue verklaar dat Jeremia na Ierland gegaan het. Saam met hom op die reis was ten minste een van Sedekía se dogters. Sy, uit die geslaglyn van Dawid, het in die Ierse koninklike geslag van Serag getrou. Uiteindelik is die breuk tussen die Peres- en Seragtakke van Juda genees! En uit hulle samesmelting sou ’n dinastie ononderbroke voortduur deur die konings van Ierland, later van Skotland, en later nog van die hele Groot-Brittanje.

Vreemd genoeg blyk dit dat byna al hierdie konings gekroon is op dieselfde “groot, growwe steen” wat vroeër genoem is—wat volgens die tradisie moontlik deur Jeremia na Ierland gebring was. Vanaf die tyd dat Jeremia daar aangekom het, was die opvolging van Ierse, Skotse en Britse vorste almal lede van dieselfde dinastie—die dinastie van Dawid.

Ewige bestemming

Nou kan ons sien waarom die Britse koninklike familie onder koningin Victoria gestyg het tot die hoogtepunt van die wêreld se aansien en waarom dit steeds 'n spesiale plek inneem in die harte van allerhande mense regoor die wêreld. En waarom, van alle koninklike families, is dit nog steeds die eerste een wat u aan dink.

Deur die ongelooflike doel en krag van die Groot God sit koningin Elizabeth II op die troon van koning Dawid—trouens, die troon van die Here! En hoewel sy oor die voorste stam van moderne *Israel*, die Josefitiese stam van *Efraim*, regeer, is die leeu op die koninklike wapen die leeu van *Juda*. Elizabeth, Charles, Andrew, William en Harry—is etnies almal Jode! Hoe merkwaardig is dit nie? Dit is nie verbasend as 'n nasionaliteit 'n lyn heersers van sy eie etnisiteit handhaaf nie—maar die Efraimitiese Britte gaan voort met Joodse heersers!

Nog verbasender is dat al die ondertrouery met die ander koninklike families in Europa nie hierdie feit verminder het nie—want die meeste van hulle was ook van Joodse afkoms, deur middel van Serag. Inderdaad, baie van hulle was blykbaar selfs van *Dawidiese* afkoms. Ondertrouery met die adel was ook hoofsaaklik binne die stam van *Juda*. Slegs die Almagtige God kon dit alles beplan en laat geskied.

As ons nou terug keer na waar ons begin het, is die Britse monargie regtig besig om tot niet te gaan? Moet die vraag op hierdie stadium nog gevra word? Dink daaraan dat Dawid se dinastie vir 3,000 jaar ononderbroke voortgeduur het—en dat dit amper 1,000 jaar voor dit aan hom beloof was. God het baie moeite gedoen om die voortbestaan van hierdie troon te verseker—en om die ontasbaarheid van Sy beloftes te beskerm. Dink ons Hy sou 'n paar voorstanders van republikanisme toelaat dat Hy nie Sy woord hou nie?

Ons moet ter afsluiting besef dat daar gedurende Dawid se dinastie minstens drie tussenregerings was, waar sy afstammeling nie eintlik regeer het nie. Een het gebeur toe die bouse koningin Atalia die troon van *Juda* vir ongeveer ses jaar lank toegeëien het (2 Kronieke 22-23). 'n Ander een het 'n groot deel van hierdie publikasie uitgemaak—die tyd tussen die afsetting van Sedekía en die herstel van die Dawidiese lyn in Ierland. En die derde het plaasgevind toe koning Charles I onthoof is in 1649. Vir 11 jaar lank het die Statebond van Oliver Cromwell regeer totdat die troon herstel is onder Charles se seun, Charles II, wat buite die land in Frankryk gewoon het.

Alhoewel dit lyk asof hierdie vakatures God se beloftes aan Dawid skend, was sulke tydelike leemtes, soos vroeër genoem, eintlik binne die bestek van God se spesifieke belofte dat Dawid 'n afstammeling sal hê wat “vanaf geslag tot geslag” op sy troon sou sit. Daarom kan so 'n klein gaping in die besetting van die troon te eniger tyd voorkom. Maar ons kan gerus wees: as die monargie môre verdwyn, sal 'n generasie nie verbygaan

voordat dit herstel word nie.

Dit lyk heeltemal moontlik dat 'n kort tussenregering nog in die toekoms is. Want terwyl die refrein van die volkslied “Rule Britannia” eindig met “... Britte sal nooit, nooit slawe wees nie,” is dit net nie so nie. Beide Amerika en Brittanje sal in ballingskap en slawerny gaan, net soos die eertydse *Israel* en *Juda* gedoen het (vra vir *The United States and Britain in Bible Prophecy*, of laai dit van ons webwerf af, om meer te wete te kom), en as dit gebeur, kan die monargie heel moontlik onderbreek word. Maar dit sal geensins verlore gaan nie.

Want 'n rukkie later sal die regmatige troonopvolger, Jesus Christus, op die toneel verskyn en in Jerusalem staan. Uiteindelik sal die Here se troon, deur die Here self, van die verganklike mense teruggeneem word. “Die heerskappy is op sy skouer ... tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid” (Jesaja 9:5-6).

Verbasend genoeg sal Jesus hierdie wonderlike troon van Dawid met Sy perfek gemaakte volgelinge deel (Openbaring 3:21; 2:26-28). Inderdaad, Dawid sal in heerlikheid uit die dood opgewek word om saam met Christus op die troon te regeer—deur Christus aangewys om oor 'n herversamelde *Israel* te regeer. God sê: “Vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie. Maar hulle sal die HERE hulle God dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek” (Jeremia 30:8-9; sien Esegjël 37:24-28).

Daar sal verskeie letterlike trone vir die heiliges wees (vergelyk Matteus 19:28; Openbaring 20:4). Maar in 'n sekere sin sal hierdie trone almal deel uitmaak van *dieselfde* troon (3:21). Want die Heilige Stad van God, die woonplek van Jesus en al die heiliges, sal self die troon wees waaruit hulle sal regeer: “In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem. En hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bouse hart nie” (Jeremia 3:17).

Sodoende sal die troon 'n laaste keer omvergewerp word—terug na sy regte plek op die Berg Sion in die Stad van Dawid, om nooit weer geskuif te word nie. En die troon van *Israel* sal dan die troon van die hele aarde word. Hoe skokkend dit ook al mag lyk, is dit die ontsaglike lot van die troon van Groot-Brittanje! As die troon van Jesus Christus en Sy heiliges sal dit vir ewig bestaan.

God sal ook Sy Gees uitstort op die fisiese huis van Dawid (sien Sagaria 12:7-13:1), sodat die lede daarvan uiteindelik ook gered en verheerlik kan word. Dit is inderdaad die bestemming wat op die hele mensdom wag—die wat God se genade sal aanvaar en hom nederig aan Sy lewenswyse sal onderwerp. Mag ons almal baie dankbaar wees vir die ingewikkelde en ongelooflike plan wat God uitwerk—en vir die absolute sekerheid van Sy ongelooflike beloftes.

United Church of God, South Africa

Posbus 73606
Lynnwood Ridge
0040

Telefoon: +27 79 725 9453

E-pos: unitedchurchofgod.sa@gmail.com

Webwerf: www.ucg.org.za

Internasionale webwerf: www.ucg.org

(United Church of God, *an International Association*)